

# Panorama

Panorama is op 5 Julie 1987 by die Grahamstad-fees vir die eerste keer opgevoer, met regie deur Pieter-Dirk Uys en met die volgende rolverdeling:

ROSA: Lynn Maree

KARIN: Susan Coetzer-Opperman

GROBBELAAR: Richard van der Westhuizen

SIBI: Thoko Ntshinga

Karakters:

ROSA

KARIN

GROBBELAAR

SIBI MAKHALE

Die drama speel af op Robbeneiland in Tafelbaai.

Uit die groot venster van hul sitkamer kan Rosa en Karin oor die Baai kyk na die glorie van Tafelberg en Kaapstad en omgewing. Die aksie speel af in die snoesige sitkamer met 'n goudvisbak en 'n kanarie in 'n hok, met boeke en hoedens en persoonlike items wat baie van die twee vrouens se persoonlikhede kan oordra.

Die rusbank, met sy uitsig deur die venster, kyk uit op die gehoor, en 'n tafel en drie stoele staan daar agter. Op een muur is 'n geblokte plakkaat van Tafelberg geneem van Bloubergstrand. Ook 'n paar kindertekeninge en geverfde uitbeeldings van dié bekende panorama.

Die tyd is November 1987 in Suid-Afrika.

## EERSTE BEDRYF

*Karin is op die rusbank en sukkel met haar klein bandopnemer.*

KARIN: Hallo? Testing, one, two, one, two . . . ag nee, hel, wat het ek nou hier verkeerd  
gedoen? . . . hallo? A.

*Dit neem op.*

Hallo, Mammie, dis weer ek, Karin. Hoe gaan dit daar met Mammie? Ek hoop Mammie  
het tannie Esme se verjaarsdag verlede week onthou – sy is mos ouer as Mammie, of hoe?  
Ek het haar 'n paar poskaarte van die panorama gestuur. Ek hoop sy hou van hulle. Dis so  
lanklaas wat ek self in Kaapstad was, want die see is so rof . . . dus kon ek nie nuwe  
poskaarte vir Mammie se versameling aankoop nie, maar ek het vir Rosa gevra om te  
kyk. Sy gaan dikwels oor na die Stad.

*Sy stop haar masjien.*

Wat nog . . .

*Sy neem 'n hap uit haar toebroodjie.*

Mammie . . .

*Slaan weer die masjien aan.*

. . . Mammie, dis 'n perfekte dag. Geen wind nie. Die panorama hier uit ons sitkamer is te  
wonderlik vir woorde. Kyk na Mammie se poskaarte en verbeel Mammie Mammie is ook  
hier. Al is dit net die poskaarte. Eintlik, nee, die meeste foto's is geneem van die strand  
by Blouberg en die berg lyk anders van hier af. Maar hulle sê ons uitsig is die beste, want  
ons is ver genoeg om die hele Tafelberg en van die Twaalf Apostels ook in te kry. Lyk  
soms heeltemal onnatuurlik. Snaaks as jy dink aan ou ontdekkers soos Jan van Riebeeck  
wat Tafelbaai ingeseil het en al die mooigheid vir die eerste keer gesien het – natuurlik  
sonder daardie drie nare torings teen Duiwelspiek, of die kabelspoor . . . en natuurlik was  
die gevangenis nie hier nie.

*Sy stop en luister na haar opname.*

‘. . . en natuurlik sonder daardie drie nare torings teen Duiwelspiek, of die kabelspoor . . .  
en natuurlik was die gevangenis nie hier nie.’

*Slaan weer die masjien aan.*

Ag nee sies, Mammie, ek het nou na myself geluister en dit klink so aaklig . . .

GROBBELAAR (Af): Miss Rosa?

KARIN: Ag nee, hier kom daardie bobbejaan Grobbelaar al weer, rondsnuffelendagter Rosa .

..

*Sy slaan die masjien af.*

Sy's nie hier nie!

*Grobbelaar kom binne.*

GROBBELAAR: O, hallo, Miss Karin. Waar's Miss Rosa?

KARIN: Sy moes detensie neem vandag. Lus vir 'n toebroodjie?

GROBBELAAR: Ek het daar bo gelunch met die ander.

KARIN: Siestog, jy's seker baie honger. Hier.

*Gee vir hom 'n stuk van haar broodjie. Hy neem dit versigtig.*

GROBBELAAR: Dankie. Detensie? Vandag?

GROBBELAAR: O ja.

KARIN: Ek twyfel of daar enige seuns sal wees. Dis mos rugbyoefening vandag. Ons seuns speel Saterdag teen Milnerton.

GROBBELAAR: Ons ondertwaalfspan is beter as daardie lot oorkant die baai.

KARIN: Ja, wel, rugby is koning. Ek dink nie Rosa sal baie laat wees nie.

GROBBELAAR: Ja-nee, rugby is die beste.

KARIN: Ja-nee. Wie't jou hare gesny?

GROBBELAAR: Dis my dag af.

KARIN: Hoekom gaan jy nie oor Kaap toe nie? Dis so 'n mooi dag . . .

GROBBELAAR: Hei, die nuwe venster maak 'n groot verskil.

KARIN: Ja, ons kan nou die ligte van die Milnerton- en die Mouillepunt-vuurtorings sien sonder om die rusbank te skuif.

GROBBELAAR: Sjo. Nee, ek was laas naweek in die Kaap. Dis nie meer so lekker nie.

KARIN: Maar jy het mos vriende daar?

GROBBELAAR: Ja, maar hulle's nou altyd op patrollies in die swart lokasies. Ag, ek weet nie, dis nie meer so lekker met hulle nie.

KARIN: Nie so lekker soos wat nie, Grobbelaar? 'n Lekker meisie?

GROBBELAAR: Miss Karin?

KARIN: Grobbelaar, man, jy moet vir jou 'n meisie kry. Jy weet Rosa sal nooit met jou uitgaan nie.

GROBBELAAR: Sy gee onderwys.

KARIN: Al was sy vry. Sy't mos vir jou gesê: sy't iemand spesiaals bo in Johannesburg.

GROBBELAAR: Richard.

KARIN: Ja, hulle skryf dikwels vir mekaar.

GROBBELAAR: Dikwels?

KARIN: Ja. Soek nou rond vir iemand anders.

GROBBELAAR: Soos wie?

KARIN: Wie? Ek weet nie . . . is daar miskien iemand hier wat jy . . . jy weet . . .

GROBBELAAR: Ek het gehoop Miss Rosa sou volgende maand saam met my kom. Hulle't 'n lekker funksie by die werk. Dinee en 'n dans. Die saal sal vol streamers en ballonne wees, soos laas keer, onthou jy?

KARIN: Ek het nog van die streamers.

GROBBELAAR: Daar was mos ook 'n lekker band van Bellville.

KARIN: Almal sê hulle was goed.

GROBBELAAR: Hulle kom weer. Ek het gedink Miss Rosa sou daarvan hou.

KARIN: Jy weet Rosa sal nie met jou uitgaan nie.

GROBBELAAR: Maar ek kan vra. Wat's op die brood?

KARIN: Grondboontjebotter.

GROBBELAAR: Hei? Ek het dit baie geëet toe ek klein was. Black Cat Peanut Butter. Is nogal lekker.

KARIN: Dankie. Wil jy nog hê?

GROBBELAAR: As dit nie te veel moeite is nie.

*Karin gaan met 'n glimlag uit. Grobbelaar bestudeer alles: die vol bottel whisky langs die halfvol bottel whisky. Hy kyk in die goudvisbakkie en maak die visse skrik. Tel die bandopnemer op en spoel terug.*

OP DIE BAND: ‘. . . ag nee sies, Mammie, ek het nou net na myself geluister en dit klink soaaklig . . .’

‘Miss Rosa?’

‘Ag nee, hier kom daardie bobbejaan Grobbelaar al weer, rondsuffelend agter Rosa.’

GROBBELAAR: Bobbejaan, nè?

*Hy lag.*

*Karin kom in met 'n bord en 'n nuwe toebroodjie.*

KARIN: So, Grobbelaar, wat gaan jy vandag doen?

GROBBELAAR: Ek weet nie. Dis my dag af. Miskien het hulle my by die werk nodig. Dis vandag wanneer die lawyers oorkom. Kommuniste.

KARIN: Hier. Bruinbrood. Dis beter vir jou.

GROBBELAAR: Ons moet die plek netjies maak. Vir die lawyers.

KARIN: Haai, nè?

GROBBELAAR: Ja.

*Pouse. Karin kyk na die uitsig.*

KARIN: Lyk so vreedsaam.

GROBBELAAR: Ons het gister gehoor van onluste in swart woonbuurtes. Ook probleme met kleurlinge. Twee bomme.

KARIN: Regtig? Julle mense hoor al hierdie goed?

GROBBELAAR: Ja. En hoe gaan dit by die skool?

KARIN: Ag, dit gaan maar aan.

GROBBELAAR: Baie werk?

KARIN: Maar net die gewone. En jy?

GROBBELAAR: Ook maar. Somtyds wens ek iemand probeer ontsnap, net om die dag 'n bietjie opwindend te maak.

KARIN: Hoe kan hulle ontsnap?

GROBBELAAR: Onmoontlik. Maar ek het net gewonder, jy weet . . .

KARIN: Ja-nee. Maar hoe sou hulle hier kon wegkom?

GROBBELAAR: Onmoontlik.

KARIN: Swem?

GROBBELAAR: Te vrek koud. Nee, Miss Karin, hulle't nie hierdie plek sonder goeie redes gekies nie.

KARIN: Nie net vir die panorama nie.

GROBBELAAR: Nee. Hel, lekker sandwich.

KARIN: Jy sal vet word . . . nee, ek maak net 'n grappie . . .

GROBBELAAR: Hei?

KARIN: Nee, okay, Grobbelaar, ek sal vir Rosa sê jy't ingeloer.

GROBBELAAR: Ja-nee, dis okay.

*Maar hy bly. Pouse.*

Sal hulle trou? Miss Rosa en daardie ou van Johannesburg?

KARIN: Miskien.

GROBBELAAR: Ek sou graag wil trou. Eendag. Kinders. Mooi huis. Maar nie hier nie. Die plek is nie goed vir kinders nie. Te veel wind.

KARIN: Ja, ek sal hierdie plek nog 'n jaar gee en dan wil ek 'n beter posisie by 'n ander skool vind.

GROBBELAAR: Hei? Ek sal jou mis, Miss Karin.

KARIN: Ag nee, waarlik?

*Rosa kan woedend gehoor word.*



ROSA: Fokkit! Ek sweer eendag sal ek hom terugantwoord ten spyte van daardie rang en uniform!

*Sy kom in.*

Hoekom is ek so 'n lafaard? Ek is nie eers in die diens nie. Karin, hel, jy kon my gevra het. Dit gebeur altyd: ek maak al die speeches in my kop en staan my man en sê: Gaan spring in die hel, Kolonel. En bedank my job en waai terug na die regte wêreld. Maar as die oomblik kom en die speechie sit net hier, word ek die oulike meisie met die mooi glimlag en fluister: 'Groete aan Mevrouw'. Hoekom is ek altyd dierbaar en oulik. 'Ja, Oom' dit; 'nee, Kolonel' dat! Die werk is kak; die betaling? Kak-kwadraat! En hallo, sersant Grobbelaar, woon jy ook nou hier?

GROBBELAAR: Hallo, Miss Rosa. Sorry, Miss?

ROSA: En wat eet jy?

KARIN: Peanut-butter sandwich. Ek het vir hom een gemaak.

*Rosa sug en kyk uit na die panorama.*

ROSA: En daar sit die ou monster en glimlag vir my van Duiwelspiek tot Leeukop.

*Draai na Karin.*

Jy kon my gevra het, Karin. Hell's bells, ons woon saam in hierdie huisie en dis nie juis 'n paleis nie. Ek gee nie om vir een aand nie. Jissis, die hele plek hier is gewigtig genoeg met daardie tronk en die sekuriteit en geheime. En nou, bo alles, huilende familieledes – maar jy kon ten minste vir my gevra het. 'Rose? Gee jy om?' Ek sou miskien ingestem het.

KARIN: O?

ROSA: Moenie so verbaas lyk nie. Generosity isn't one of my strong points, but I've also got the wobblies that pass for feelings. Hei, Grobbelaar, damn it, man, jy't krummels op die vloer laat val!

GROBBELAAR: Sorry, Miss . . .

ROSA: Voer hulle jou nie daar agter die mure nie? Moet jy hier kom en ons uit huis en kombuis leeg eet? Ons is net primary school teachers! No jackpot, you know . . .

GROBBELAAR: Hell, Miss Rosa, I'm really sorry . . .

KARIN: Toemaar, Grobbelaar, sy maak weer net grappies.

*Sy help hom met die krummels.*

ROSA: Ow . . . eina shit, ek het gevoel hoe my rug kla toe ek baba-karate vir negejarige meisies demonstreer. Beskerming teen molestasie, Grobbelaar.

*Hy gee 'n verleë laggie. Rosa staar hom aan.*

Jy't jou . . . wat is dit? Jou snor afgeskeer?

GROBBELAAR: Ek het nog nooit 'n snor gedra nie.

ROSA: Baard?

KARIN: Hy't sy hare laat sny.

ROSA: Gaan jy oor na die Stad? Het jy part-time werk in die lokasies?

GROBBELAAR: Nee, ek is hier voltyds. Miss Rosa, ek het gewonder of . . .

ROSA: Karin, ek dink ek sal Saterdagoggend oorgaan en die naweek daar deurbring . . .

KARIN: Ag, ek wens ek kon saamkom . . .

ROSA: En die heel pad daarheen en terug ons almal toe kots? Anyway, my boyfriend kom af van Jo'burg.

KARIN: O.

ROSA: Dan kan ek Sondagmiddag die *Susan Kruger* terugneem.

GROBBELAAR: Ek sal miskien ook op daardie boot wees, Miss Rosa.

ROSA: Raai, nè? Moenie opstaan nie, Grobbelaar, voel jouself tuis.

*Maar Grobbelaar staan op.*

GROBBELAAR: By die huis staan ek ook op vir dames. Dis goeie maniere.

ROSA: Daar's 'n verstopping in die wasbak in die kombuis. Sal jy asseblief daarna kyk voordat jy gaan?

GROBBELAAR: Natuurlik, Miss Rosa.

KARIN: Jy gee nie om nie, Grobbelaar?

GROBBELAAR: Nee, Miss Rosa. Any time.

*Hy gaan uit na die kombuis.*

ROSA: Wed jou hy trek vlerkies af van babavlieë en lag.

KARIN: Ag siestog, Rosa, hy's eintlik nogal oulik. Regtig.

ROSA: Oulik? Okay, so waar sit ons haar?

KARIN: Wie?

ROSA: Waar slaap sy? Ek gee nie my bed op vir vreemdelinge nie, that's for sure.

KARIN: Vreemdelinge?

ROSA: Ek dog jy weet wie sy is. Jy's die een wat ja gesê het.

KARIN: Nee.

ROSA: Nee? Hulle't gesê jy was okay met die hele ding.

KARIN: Watter ding?

ROSA: Karin, die meisie wat hier vanaand kom oorslaap. Die kantoor het gesê jy was okay daarmee.

KARIN: Waar kom hulle daaraan? Ek weet nie eers daarvan nie!

ROSA: So't ek gesê: wel, okay, as Karin dink dis okay, dan is dit seker okay.

KARIN: Ek het nie gesê dis okay nie! Waarvan praat jy?

ROSA: Sy kom iemand hier sien.

KARIN: En sy bly hier by ons?

ROSA: Ons het mos ja gesê, het ons nie?

KARIN: O nee, asseblief, ek wil nie hierdie mense se families hier hê nie, Rosa. Hulle maak my senuweeagtig.

ROSA: Ag, kom nou. Hierdie plek is nie meer melaats nie. Hulle is maar net mense soos ek en jy. Nie heeltemaal soos apie in die kombuis, maar dan was daar maar altyd net een King Kong.

KARIN: Kan sy nie liewers by dokter Belhar of mevrou Henderson-hulle oorbly nie. Hulle't plek. Wie se familie is sy? Die kolonel?

ROSA: Gaan vra jy.

KARIN: Ek?

ROSA: Ja. Gaan sê vir kolonel Van Rooyen jy wil haar nie hier huisves nie en kan sy nie liewers by dokter Belhar oorbly nie. Of miskien by die dominee?

KARIN: Nooit.

*Pouse.*

Wel, miskien kan sy hier op die rusbank oorslaap. Jy't gesê dis maar net vir een aand?

ROSA: O, en wat van my? Waar sit ek vanaand? Jy weet ek hou daarvan om na die panorama te kyk voordat ek gaan slaap? Waar sit ek, Karin? In die kombuis? Buite in die wind? Net omdat jy my privaatheid en gemak aan 'n vreemdeling oorhandig het?

*Karin dink vir 'n oomblik.*

KARIN: Grobbelaar het gesê die lawyers kom vandag. Miskien is dit waarom dit gaan. Nou ja, in daardie geval kan sy seker maar in my kamer bly. Ek gee nie om nie, Rosa. Ek sal hier slaap as jy klaar gekyk het na die panorama en gelees het. Ek kan hier by die tafel sit en na my tydskrifte kyk.

ROSA: Wel, dis jou eie besigheid. Ek wil net nie rondgebogger wees nie, okay?

KARIN: Natuurlik.

*Grobbelaar kom in.*

GROBBELAAR: Alles opgefix soos nuut, Miss Rosa.

ROSA: Wat?

GROBBELAAR: Die wasbak. Teeblare. Gebruik sakkies.

KARIN: Dankie, Grobbelaar.

ROSA: Een van my min luukshede in die lewe is 'n potjie Earl Gray-tee. Rooibos spuit uit ons ore op hierdie eiland.

KARIN: Ons gooi gewoonlik Rosa se teeblare uit in die tuin.

GROBBELAAR: Ja, dis goed.

ROSA: Dan's dit alles uitgesorteer. Ek gaan nou bad.

*Sy gaan uit.*

GROBBELAAR: Is sy vies vir my?

KARIN: Nee, man, Grobbelaar. Dis net . . . die kantoor het ons in 'n hoekie gedryf oor die lawyers wat vandag hier is. Sy's vies daaroor. En ek ook.

GROBBELAAR: Ja, maar julle weet hier is nie fasiliteite vir mense wat oornag wil bly nie. Regtig? Hulle't gesê dis een van die lawyers? Ons behoort hulle te laat oorbly in een van die selle.

*Hy lag.*

KARIN: Ag nee, man, julle mense moet die regte fasiliteite skeep. Sê nou iemand word siek in die selle? Waar gaan die familie bly?

GROBBELAAR: Hel, Miss Karin, jy klink nou nes 'n lawyer. Glo my, hier's nie besoekure soos by Grootte Schuur Hospitaal nie. Toemaar, ons sorg vir ons 'pasiënte'. Nog nooit gehoor van familie wat moet oorkom nie.

KARIN: Maar hulle het dan lawyers?

GROBBELAAR: Joodse lawyers wat verniet werk om oorsee beroemd te wees. Kommuniste.

KARIN: Asseblief, ek wil nie meer hoor nie, Grobbelaar. Ek weier om te luister. Kyk net uit na daardie berg en vergeet al die lelike dinge in die wêreld, want dit, daar, is uit God se hande en dis die werklikheid, Grobbelaar – daardie massa graniet en rots en die see en die son en die blou blou lug. Dis waaroor dit alles gaan.

GROBBELAAR: Ja, Miss Karin. Miskien is dit hoekom ons hier is, nè? Om seker te maak dat dit wat daar is, daar vir ons sal bly.

KARIN: Wat?

GROBBELAAR: Nee, ek dink nou skielik diep. Dit gebeur met my as ek hier met julle twee skool-onnies deurmekaarraak.

KARIN: O.

GROBBELAAR: Ja.

*Pouse. Hulle kyk uit.*

Miss Karin, kan ek jou 'n groot guns vra?

KARIN: Ja.

GROBBELAAR: Hierdie funksie by die werk? Die dans?

KARIN: Ja. Dankie!

GROBBELAAR: Oorreed Miss Rosa dat sy 'n lekker tyd sal hê.

KARIN: O. Ja. Okay.

*Grobbelaar gaan uit.*

Toemaar, ek hou nie van dans nie . . .

*Rosa kom in.*

ROSA: Is hy weg?

KARIN: Ja.

ROSA: Ek wens hy vind 'n oulike muiserige Afrikaanse doedie met dik enkels en trou met haar en trek na Suid-Amerika. Van watter funksie praat hy?

KARIN: In die saal. 'n Dans met 'n orkes. Uit Bellville.

ROSA: Grim.

KARIN: Is daar 'n spesiale dag vir die SAP wat voorlê? Of wat?

ROSA: Forget it.

KARIN: Siestog, Rosa. Hy het die geute skoongemaak.

ROSA: So let's restrict his plumbing to the sink.

KARIN: Wat?

ROSA: Toemaar. Jou gewone?

KARIN: Hell's bells, nee ek dink nie . . .

*Maar Rosa skink maar vir elkeen 'n drankie.*

ROSA: So, hoe was jou dag?

KARIN: Ag, selle soos altyd. My Boereoorlogkaart het nog nie uit Pretoria opgedaag nie, kan jy dit glo.

ROSA: Miskien het hulle die kaart nog nodig.

KARIN: O. En jy?

ROSA: Hulle't nog nie die damn venster in my kamer reggemaak nie. Dankie Vader daar was min wind vandag. Ek kon die kinders in jou klas hoor lawaai. Mmmm, lyk nogal oop en helder vir 'n slag.

KARIN: O, dis so pragtig . . .

ROSA: Enige pos?

KARIN: Nee, maar ek is seker ek sal mettertyd hoor. Hulle neem tog nie so lank om te besluit nie.

ROSA: Jy ken nog nie jou Departement nie, Karin. Ek dink jy sou al gehoor het, as hulle die werk vir jou wou aanbied.

KARIN: Ja. Miskien in die volgende week?

ROSA: Ek hoop maar so. Cheers.

KARIN: Dis regtig nie so sleg hier nie: vars lug, mooi huis. Oulike mense.

ROSA: Ja, dankie Vader vir die 'oulike' mense. Wie weet, ek kon êrens noord van Pretoria vasgesit het met 'n klas-IK van tien minus. Ek is dankbaar. Wat's vir supper?

KARIN: Ek het lekker vis by die hawe gevind ..

ROSA: Ag nee, weer fokken vis?

KARIN: Viskoekies!

ROSA: Het jy 'n nuwe bottel tamatiesous gekoop? Ons sal haar seker vis moet voer.

KARIN: Daar sal genoeg kos wees vir drie. Grobbelaar sê dis 'n klomp Joodse lawyers wat kom. Kommuniste. Ek hoop sy's nie een van hulle nie. Ek is nie gemaklik met Jode nie.

ROSA: Net kommuniste.

KARIN: Ek ken nie kommuniste nie. Ag sies, Rosa, jy maak weer 'n grap van alles. Die hele ding maak my senuweeagtig.

ROSA: Kyk, sy slaap hier en dan gaan sy weg en ons is nie betrokke nie. Ons herinner net die manne in die kantoor van ons opoffering , stuur hulle 'n rekeninkie vir bed-beskuit-en-viskoekies en vra mooi of hulle nou miskien die begroting kan vind om ons huisie oor te verf en 'n sterk trellis vir ons rooi bougainvillaea op te rig – en ek weet so iets sal nie in die wind groei nie, maar ons kan ten minste probeer.

KARIN: Ja, en net wanneer dit blom sal ek daardie nuwe pos kry en nie eers hier wees vir al daardie lekker tye en alles nie.

ROSA: En geen wit verf nie! Ek is siek en sat vir die gedurige 'whites only'-agenda. Die keer wil ek iets moderns hê.

KARIN: Sjokoladebruin of donker groen . . . waar's daardie tydskrif . . .?

ROSA: Iets met class. I might lose my mind out here, but I'll be damned if I'm also going to lose my taste!

*Sy sien die bandopnemer.*

Praat jy met jou ma? Uiteindelik.

KARIN: Net begin. Ek voel so sleg. Niks vir weke gepraat nie.

ROSA: Stuur vir haar my liefde.

*'n Klop aan die voordeur.*

Wat's dit nou weer . . .

*Grobbelaar kom in.*

Jy's te vroeg. Ons eet nog nie.

GROBBELAAR: Miss Rosa?

ROSA: En hou asseblief op om my Miss Rosa te noem! Ek kry dit elke dag in die klas: 'Miss' dit en 'Miss' dat!

GROBBELAAR: Okay, Miss. Luister, dis nie my werk nie en dis ook my dag af en alles.

Maar die sersant op diens weet ek is met julle bevriend en het voorgestel dat ek saam kom om die meisie voor te stel, en vir julle die reëls te verduidelik.

KARIN: Sy's hier? Die lawyer?

GROBBELAAR: Nee, wag, Miss Karin. Sy wag buite. Maar eers die reëls.

ROSA: Watter reëls?

GROBBELAAR: Daar is reëls, Miss Rosa. Sien, as sy in die kamer kom terwyl ek nog hier is, dan moet julle albei padgee. En as julle twee saam in die kamer wil wees soos nou, maar sonder my, dan moet sy waai.

*Pouse. Die twee neem dit in.*



KARIN: Is dit nou veronderstel om 'n grap te wees?

ROSA: Waar die hel kom jy aan hierdie nonsens, Grobbelaar? Ons maak die reëls hier, as jy nie omgee nie. Sy sal in Karin se kamer slaap, dus hoef niemand te waai nie. Julle fokken polisie! Wie de hel dink julle is julle?

GROBBELAAR: Al wat ek kan sê is: sy mag net in 'n kamer wees met een ander persoon. Dis die wet. Miss Karin, asseblief. Sê vir Miss Rosa dis die wet!

KARIN: Maar ek verstaan glad nie, Grobbelaar. Sy's dan 'n lawyer.

GROBBELAAR: Nee, Miss Karin, sy's verban.

KARIN: Verban?

GROBBELAAR: Ja, a banned person.

ROSA: Ek glo dit nie!

KARIN: Wat? 'n Verbanne lawyer? Hoekom?

GROBBELAAR: Hei?

KARIN: Hoekom is sy verban? Wat het sy gedoen?

GROBBELAAR: Niks. Sy's net geban.

ROSA: Wel, ek roer my nie, verban of geban. Jy kan haar net so terugneem na die kantoor. Hulle kan haar daar versorg. Ek wil niks hiermee te doen hê nie.

KARIN: Jy bedoel net een persoon in dieselfde kamer? Orals? Ook in haar eie huis? Met haar eie familie? Dis mos 'n grap . . .

ROSA: Dis nie haar huis nie. Dis my huis.

KARIN: Ja, dis ons huis.

GROBBELAAR: Sy's net 'n verbanne person. Ek weet nie hoekom nie. Ons hoef nie sulke details te weet nie, net dat sy gevaarlik is. Maar hulle't gewoonlik 'n goeie rede. Dis nie vir ons om uit te vra nie.

ROSA: Ek vra uit!

KARIN: Maar as sy gevaarlik is, hoekom laat hulle haar hier toe? Al is sy 'n lawyer.

ROSA: Ek het gelees hierdie mense word tot sekere buurtes verban om hulle so te beheer. Maar hier?

KARIN: 'n Kommunistiese lawyer?

GROBBELAAR: Nee wag, ek moet net daarvoor ook verduidelik. Kyk, Miss Rosa, hierdie een is 'n spesiale saak. Die sersant sê dit kom van bo.

KARIN: Nee, maar wag 'n bietjie. Is daar nie 'n pamflet of iets om behoorlik vir ons te verduidelik nie? Ek wil nie enige wette verbreek nie. Rosa?

ROSA: Ek kan dit nie glo nie.

GROBBELAAR: Dit sal alles uitwerk, Miss Karin. Miss Rosa, dis net vir vier-en-twintig uur. Sy't 'n permit om haar spesifieke area te verlaat, maar sy moet terugwees ná vier-en-twintig uur. Luister, as jy wil hê ek moet die sersant gaan haal? Hy sal alles verduidelik, maar dis eintlik baie eenvoudig. Net twee persone in die kamer op 'n slag – en ja, sy mag geen vergaderings toespreek nie.

ROSA: Bang goes tonight's PTA! Wag vir my, Grobbelaar, ek kom saam met jou!

GROBBELAAR: Na die funksie?

ROSA: Na die kantoor! En fok die sersant! Ek wil met iemand praat wat in beheer is van sake. Ek gaan tot bo! There is a limit!

*Sy gaan uit.*

GROBBELAAR: Ek dog sy sou saamstem om saam te gaan na die funksie . . .

KARIN: Maar wat het hierdie persoon gedoen?

GROBBELAAR: Iets met die politiek, Miss Karin. Ek weet nie.

KARIN: Waar is sy . . .

GROBBELAAR: Nee, wag, sy's daar buite. Dis okay. Sy's jonk. Lyk heel skoon. Netjies. Net vir die een aand, Miss Karin. Ek weet hulle daar bo sal baie dankbaar wees. Ek bedoel, ingeval Miss Karin nou aansoek doen vir 'n nuwe werk by 'n ander skool? Hulle sal 'n goeie woord insit, ek is seker . . .

KARIN: Hoe weet jy van my aansoek? Niemand weet nie . . .

GROBBELAAR: Ons sal almal 'n goeie woord insit, Miss Karin, ek belowe.

KARIN: Het Rosa vir jou vertel? Hoe weet julle mense sulke goed?

GROBBELAAR: Sal ek haar inbring of wat?

KARIN: Nee wag . . . Rosa?

*Sibi kom binne en staan. Sy dra 'n donker bril.*

GROBBELAAR: O ja, ek wou nog verduidelik, sy's . . .

KARIN: O.

*Pouse.*

Grobbelaar?

GROBBELAAR: Jammer, ek moes vroeër iets gesê het . . .

KARIN: Grobbelaar, ons is een te veel.

GROBBELAAR: Hei?

KARIN: Een, twee, drie . . .

GROBBELAAR: O. Toemaar, ek sal gaan. Ek kan buite staan en met jou praat deur die venster. Dis okay.

KARIN: Nee, nee, laat my liewers gaan . . .

*Ons hoor Rosa uit haar kamer waar sy verkleed het.*

ROSA: . . . en daar is 'n paar pertinente dinge wat ek aan die kolonel gaan sê . . .

*Sy kom binne en sien Sibi. Stop. Pouse.*

KARIN: En nou is ons vier.

GROBBELAAR: Ek sal saam met jou na die kantoor stap, Miss Rosa.

ROSA: Is dit . . . é . . .

GROBBELAAR: Net vir vier-en-twintig uur . . .

KARIN: Daar is nou vier van ons. Twee moet gaan! Asseblief! Ons gaan in die moeilikheid kom!

ROSA: Ek kan nie nou die huis verlaat nie . . .

GROBBELAAR: Kom, Miss Rosa . . .

ROSA: Sal Karin okay wees? Miskien moet sy saamkom?

KARIN: Ja, ek dink so . . .

GROBBELAAR: Nee, Miss Karin, jy sal okay wees hier. Luister, ons is op Robbeneiland.  
Die veiligste plek in die wêreld.

*Grobbelaar en Rosa gaan uit. Karin is alleen met Sibi. Nogal 'n lang pouse.*

KARIN: Ja.

*Pouse.*

Was die see rof . . . o, verstaan jy Afrikaans?

*Geen reaksie.*

O. Miskien wil jy dit nie praat nie? Ek gee nie om nie, my Engels is okay. Was the sea rough?

*Geen reaksie.*

Oh, you're lucky. I get terribly seasick, you know. Kan jy dit glo? Living on an island and always getting terribly seasick? Chronic. *Ja.* That's why I try and avoid going over to Cape Town. I can't face those hours of hell. You're lucky.

*Pouse. Sibi staan en kyk vir Karin. Karin probeer kalm lyk; soek iets om te sê.*

*Ja,* it's beautiful when the sea is calm, the mountain is so big and blue, *nè?* And everything's so pretty. Dis te sê . . . that's to say, if there's no wind. A really beautiful view of the mountain from here. Did you see? Rosa calls it our panorama, free from the gods . . .

*Pouse.*

*Ja.* I used to collect postcards of Table Mountain because each one was so different and colourful. You'll be amazed how many – each one somehow not the same as the others.

*Ja.* I sent them all to my mother in the Free State. Shame. She made a big . . . wat noem jy dit . . . collage! You know, a collage, and hung it in the sitting room. I think she must have most of the postcards ever taken by now. I'm sending her a little tape . . . So you weren't seasick? That's nice.

*Pouse.*

*Ja.* Is this your first visit here? I mean to the Cape? The Cape of Good Hope!

*Pouse.*

Why are you a banned person?

SIBI: I'm black.

KARIN: Oh.

*Pouse.*

Er . . . did you know that this island was a leper colony and all sorts of things like that in the past? They used stone from the quarry here to build the castle in Cape Town. You know, the Castle? With its five points: er . . . Buren . . . Leerdam . . . Oranje, Katzenellenbogen and . . . o hel, I teach the children history, but I'll never remember all five.

SIBI: Nassau.

KARIN: Ja, of course, Nassau. That's fantastic. Did you finish school and all that?

SIBI: Yes.

KARIN: Fantastic. I really didn't want this job when I applied for it, I mean, I secretly hoped I wouldn't get it, but I did get it and so here I am. It's the water, I suppose. I don't really like the sea all that much.

*Kyk by die venster uit.*

They say you're only staying till tomorrow. You won't really have a chance to see much of the island. They once built a church here, but there wasn't a dominee . . . a preacher. There's a wreck. Quite a few wrecks.

SIBI: I've come to see my father.

KARIN: Oh, yes?

SIBI: He's sick, they say.

KARIN: Oh, I'm sorry.

*Pouse.*

Would you like some tea?

SIBI: No thanks.

KARIN: Jinne, but she's taking long.

*Pouse.*

I'm sure they can put you up in a better place than this . . . I mean, hell's bells, it's silly to squeeze you in here. There are much better places. You know, they still don't cater for visitors here. Silly, hey? When will they learn. Is that all you brought?

SIBI: I wasn't allowed more.

KARIN: Oh well, it's only for a day, isn't it? You don't need much for just twenty-four hours – I mean, hell's bells, it's like going over to Cape Town for a weekend.

*Pouse. Karin luister desperaat vir Rosa se terugkeer.*

I . . . er . . . I've never met a banned person before.

SIBI: It's no big deal.

KARIN: They all make it sound like . . . well, like it's a disease, you know. But one with many rules and do's and don'ts . I mean, you're not a murderer or something, are you? Are you? I just don't know what all this fuss is about . . .

*Pouse.*

Nee, hel, ek weet regtig nie . . .

SIBI: Can I sit down?

KARIN: Ja, of course . . . maybe you'd like a cool drink or something? You must be thirsty.

SIBI: Do you have a phone?

KARIN: No, why?

SIBI: Just asking. Do you think I could use your bathroom?

KARIN: For what?

SIBI: I want to go to the toilet.

KARIN: Oh, you want the toilet. Next to the bathroom. But, you know, they'll be back just now, and then you'll be able to have a bath and do everything in proper comfort.

SIBI: I'd rather just wee first, okay? Down the passage to the end?

KARIN: How do you know?

SIBI: I can see it from here.

*Sibi gaan uit. Karin sit verstom.*

KARIN: O, hell's bells . . .

*Sy is op die uitkyk vir Rosa. Sy is baie ontsteld. Kyk na waar die toilet is. Dan maak sy die plek netjies. Steek haar waardevolle goed weg – die bandmasjien en etlike ornamente. Haar beursie in die handsak.*

Asseblief, Rosa . . . maak tog gou . . .

*Sy kyk weer links en dan regs – wie sal eerste verskyn? Rosa of Sibi? Rosa kom vinnig die huis binne.*

O, dankie Vader . . . wat gaan aan? Het jy vir hulle vertel? Sy's in die spoelie – ek kon haar nie stop nie, sy moes gaan. Het jy vir hulle vertel dat sy nie hier kan bly nie? Rosa?

ROSA: O ja, ek het vir hulle vertel, maar sy bly hier ten spyte daarvan.

KARIN: O nee! Ons het nie plek vir haar nie!

ROSA: Dan moet ons plek maak. Ek is vriendelik aangeraai om haar besoek so gemaklik moontlik te maak. Aangeraai!

KARIN: Vir 'n verbanne persoon? Wat? Die kantoor het so iets voorgestel? Dis belaglik!

ROSA: Jy kan dit weer sê. Ek dink hulle's bang die oorsese pers sal nog 'n stok kry om ons mee te slaan.

KARIN: Ag nee, is die oorsese pers ook hier?

ROSA: Ons is nou die plaaslike Holiday Inn.

KARIN: En as ons weier?

ROSA: Jy kan weier. Gaan sê jy vir hulle die antwoord is nee!

KARIN: Nooit!

ROSA: Hier kom sy. Ek wil met haar praat.

KARIN: Maar . . .

*Sibi kom binne.*

ROSA: Make us some tea, Karin.

KARIN: Sy wil nie tee hê nie . . .

ROSA: Ek wil tee hê.

SIBI: And anyway, three's an illegal gathering.

KARIN: Oh.

*Sy gaan uit.*

ROSA: I'm Rosa.

SIBI: Sibi Makhale.

ROSA: Sibi?

SIBI: My mother was working as a nurse for a Doctor Baker in Soweto when I was born. I was called 'little Cathy Baker'. C.B. Now we say it quickly with an ethnic twang and it sounds good. Sibi!

ROSA: I'll be quite honest with you, okay? I've never been interested in politics. I don't mind black people, I never did. I can't say they're my best friends, because, well, I just don't know any. But whatever, I just don't want you here. It's not political or racial or anything. It's just selfish: this place isn't big enough for three. I work hard for my living and I need to relax. And besides all that, I really don't feel like getting involved with your problem, your black power or whatever it is you people stand for.

SIBI: The future?

ROSA: Or smart-arse comments like that. I do my job here and I like my life as it is, and that's that. So, now you know where you stand.

SIBI: Thank you.

ROSA: I'll, of course within the framework of what's expected of me, try and make your stay here as comfortable as I can. But you're no friend of mine, okay?

SIBI: Sure. Don't worry about me, 'Miss' Rosa. I'll just wait quietly till they come to get me and then I'll quietly go and see my father and quietly go back into obscurity tomorrow and you'll never know I was here. I won't even take the silver.

ROSA: I didn't mean it like that. And don't call me Miss Rosa. You're not one of my pupils.

*Pouse.*

What time did they say?

SIBI: They didn't say.

*Pouse. Sy kyk uit na die panorama.*



I believe the wind can blow very hard here.

ROSA: A beautiful sight, the cloud over the mountain. The tablecloth.

SIBI: A cruel wind that makes men mad.

ROSA: It just cleans the air.

SIBI: Your air. 'It blows the fine sand through the barbed windows, makes the stone floors rough under my bare feet. The food is crunchy with sand, the water muddy with sand and if I dare shed a tear, it leaves a print of my weakness against the sand on my cheek.'

ROSA: Where's that from?

SIBI: Oh, you don't think I could have thought that out for myself?

ROSA: Did you?

SIBI: No. That was from a letter from my father to me – written for a birthday of mine, years ago – in the days when he still could write. It's not that they stopped him from writing – he got sick . . .

ROSA: I was just going to say, there's talk that they might even soon have a nice TV in their cells . . .

SIBI: In the beginning they never allowed him to write to anyone, but we found ways and means to get word from him. Then he got weaker and sicker and now they say he's dying. Of course, one learns not to believe anything in a brown envelope that comes from a private box in Pretoria, but in this case I'm willing to be proved wrong.

ROSA: They wouldn't joke about death.

SIBI: If I had to believe everything around me, I'd be as mad as you!

ROSA: I'm fine.

SIBI: Oh? In a prison like this through choice? Sane? Fine?

ROSA: I'm a teacher.

SIBI: Of course. And what do you teach your kids? 'Boys and girls, behold the panorama, but don't look over your shoulders. Beyond those terrible walls are tortured people, hating people, who will one day come out and get you!' Do you teach that to your children, Rosa?

ROSA: The prison walls are ideal to practise tennis against and for ball games. I teach the kids about culture and beauty and hope and love and a good life.

SIBI: Then you are a great liar, schoolteacher. And a fool.

*Karin kom in met die skinkbord.*

KARIN: Hier's die tee. Wat gebeur nou? Ek wil ook tee drink. Moet ek nou in die kombuis sit weens die reëls?

SIBI: No, I'll go. I'm used to kitchens. They should come for me soon. I'd actually like to freshen up. Do you have a maid's quarters?

ROSA: No, we do our own housework.

SIBI: So where do I sleep?

ROSA: In Karin's room.

KARIN: Nee, Rosa! It's in such a terrible mess . . .

ROSA: Then she can clean it. Hey, Sibi? Make yourself useful until you're fetched.

SIBI (*vir Karin*): Yes, I take milk. One sugar?

*Karin bedien haar versigtig. Roer die suikerin en gee die koppie vir Sibi.*

Thanks.

*Sibi gaan uit.*

KARIN: Hoekom baklei jy met haar? Sy's een van hulle, Rosa, wees versigtig!

ROSA: Een van hulle? Wie's hulle?

KARIN: Daardie terroriste . . . kommuniste . . . anti-wit, swart . . . ag, ek weet nie. Ek weet net sy wil ons leed aandoen. Alles wat ons liefhet, alles waarop ons trots is, wil sy tot niet maak. Sy sal ons lewens vernietig. Moenie eers terugpraat nie. Sê net 'ja' en 'nee' en laat ons net hierdie nagmerrie oorleef. Asseblief, Rosa, ek is so bang.

ROSA: Wel, ek is nie bang nie. Ek staan vir niemand terug nie: wit, swart of whatever!

*Karin kyk in die gang af. Rosa skink 'n drankie.*

KARIN: Moes ek haar skoon lakens gegee het?

ROSA: Hoekom? Watse kieme het jy daar vir haar gelos?

KARIN: Ag man, hou op grappe maak! Ek het net gedink sy . . . o hel, ek het nie plek gemaak in my klerekas nie!

ROSA: Ek gaan daardie donners by die kantoor hiervoor laat betaal. Ek sweer daardie bobbejaan Grobbelaar het iets hiermee te doen gehad. 'Kom ons sit die kaffer in met die twee onnies en sien wat gebeur!' Sibi Magala.

KARIN: Wie?

ROSA: Madam daar binne. Sibi Magala of so iets . . .

KARIN: Magala?

ROSA: Sibi . . . 'like C.B'.

KARIN: Magala . . . Makhale?

ROSA: Dis hy: Makhala.

KARIN: Makhale! Sy's seker die dogter van Alfred Makhale! O Heretjie nee, ek sal haar nie in my huis toelaat nie . . .

ROSA: Jy weet van hierdie Alfred Makhala?

KARIN: Makhale! Onthou, toe ek hier aankom en jou ontmoet, het ek vir jou vertel van hom? En jy het gesê dit was okay, want hy was seker in Pollsmoor met Nelson Mandela en die ander. Onthou jy, Rosa? Ek het jou vertel van hom. Hulle sê hy was betrokke met daardie bom op die spoorweg. My oom was stasiemeester. Hy het sy een been verloor.

ROSA: Ja, maar . . .

KARIN: Ek het nie besef hy is nog hier nie . . .

ROSA: Klink nie baie belangrik vir my nie.

KARIN: Alfred Makhale. My ouers het soms oor hom gepraat. Wou tot ons een hond Makhale noem. My oom moes ophou werk. Ek bedoel, wat kon hy doen met net een been? En toe's hy dood. En nou vind ek uit sy moordenaar sit hier agter muur en tralies, net om die draai van my?

ROSA: Karin, hy's in 'n maksimumsekuriteitstronk. He's not windsurfing outside!

KARIN: Ek weier om daardie meid in my kamer toe te laat! Dit is my kamer!

ROSA: Maar hy's besig om te sterf . . .

KARIN: Sy dogter is nou ook hier. Ek is seker sy's betrokke. Hulle's almal betrokke!

ROSA: Ek dog jy stel nie belang in die politiek nie.

KARIN: Dis nie politiek nie, dis die dood! O Heretjie, dit kom alles terug. Al daardie gefluister oor hom en wat gebeur het en 'moenie dat Karin hoor nie', maar ek het alles gehoor. Alles. Ek het net daar gesweer ek sou nooit weer na sulke goed luister nie. Al daardie vrees. Daarom is ek hier. En nou is hulle ook hier, in my huis, in my bed! Ek sal nie . . .

*Sy huil. Rosa is hulpeloos.*

ROSA: Maar hy is besig om te sterf . . .

KARIN: Te hel met hom! Niemand kan my forseer nie! Ek sal bedank voordat ek saamspeel. Niemand gaan my forseer om vriendelik te wees nie!

ROSA: Wel, vir jou inligting is ek nie van plan om hieroor te bedank nie. Ek hou van my werk en my lewe hier en ek gaan beslis nie alles opgee net omdat ons gevra is om vir 'n paar uur gasvroutjies te speel nie.

KARIN: Maar my kamer . . .

ROSA: So speel saam, Karin, want môre sal alles weer normaal wees en ons tweetjies sal dan gelukkig saamleef vir ewig en altyd, terwyl sy en haar 'comrades' bomme en klippe op die vasteland gooi.

KARIN: Niemand kan my forseer nie!

ROSA: O nee?

*Sy neem Karin se arm en maak haar seer.*

Ek gaan nie alles verloor oor 'n voorbarige klein swart teef nie, verstaan jy?

KARIN: Eina, Rosa . . . asseblief, moenie . . . ow . . .

ROSA: Verstaan jy?

KARIN: Ja . . . ja . . . ja . . .

*Geklop aan die deur. Rosa laat haar gaan. Karin steier weg, bang. Rosa is geskok oor wat gebeur het.*

GROBBELAAR (*van buite*): Miss Rosa? Dis ekke – Grobbelaar!

ROSA: Ek maak hom vrek . . .

GROBBELAAR (*van buite*): Hoeveel van julle is binne?

KARIN: Twee . . .

GROBBELAAR (*van buite*): Dan kan ek nie inkom nie.

ROSA: Dis slegs twee blankes.

GROBBELAAR (*van buite*): Dan kom ek in.

*Hy kom binne.*

Ek is hier vir die meid.

KARIN: O, julle't vir haar 'n plek gevind. Dankie Vader.

GROBBELAAR: Nee, Miss Karin, net om haar pa te gaan sien. Wat's verkeerd met jou arm?

KARIN: É . . . nee, niks . . .

ROSA: Sy's in Karin se kamer, Grobbelaar.

GROBBELAAR: O?

KARIN: Ja, sy's in *my* kamer, Grobbelaar.

ROSA: Dit was jy, nè?

GROBBELAAR: Hoe nou?

ROSA: Jou voorstel dat ons haar inneem?

GROBBELAAR: Nee, ek neem nie sulke besluite nie. Hulle kom van bo. Hulle sal dankbaar wees. Jy sal sien, Miss Rosa, hulle sal nou spesiale moeite maak vir julle twee.

KARIN: Het jy geweet sy is die dogter van Alfred Makhale?

GROBBELAAR: Toemaar, vir my klink hulle almal dieselfde.

ROSA: Ag, te hel daarmee. Vat haar net weg, Grobbelaar. Dit was al 'n glad te opwindende dag vir hierdie twee ongetroude dames.

GROBBELAAR: Hoekom is dit dan so?

ROSA: Hoekom is wat so?

GROBBELAAR: Ongetroude dames? Hoef nie so te wees nie.

ROSA: Ag, dankie, Grobbelaar.

KARIN: Nee, Grobbelaar, moet asseblief nie gaan nie . . .

ROSA: Maar is dit nie vandag jou afdag nie?

GROBBELAAR: Dit is, Miss Rosa.

ROSA: Hoekom werk jy dan?

GROBBELAAR: Nee, ek dog miskien het julle my nodig vandag, wat met die meid en alles .

..

ROSA: Dankie, Grobbelaar.

KARIN: Ja, ook van my, Grobbelaar.

*Sibi kom in. Sy dra 'n kleurvolle etniese kaftan.*

GROBBELAAR: Maak gou. Ek kom jou haal.

KARIN: Hell's bells, nou's daar vier van ons in dieselfde kamer!

SIBI: Don't worry, I won't tell the boss.

GROBBELAAR: Okay, Miss Rosa? Miss Karin?

*Grof aan Sibi:*

Roer man, ons is laat!

SIBI: Just leave the key under the mat. I promise I won't bring back strange men.

*Sy gaan uit met Grobbelaar.*

KARIN: Sien, sy skeer die gek met ons.

ROSA: Vergeet nou van haar, Karin. Kom. Ek skink jou 'n lekker opkikker. Ontspan!

KARIN: Hell's bells . . . nee regtig, ek behoort nie . . .

*Maar Rosa skink 'n stywe dop. Karin neem dit versigtig. Kyk na waar haar kamer is.*

Dink jy my kamer is okay?

ROSA: Hier.

*Sy gooi Karin se drankie vol.*

KARIN: Ek kon nie glo dat hierdie plek met sy mure en selle nog erger geheime verberg nie.

Hulle maak my banger as enigiets daar buite in die regte wêreld. Ek wil eendag kinders hê, Rosa, as ek die regte man vind, maar hoe kan ek, wetend dat hulle daar binne net wag

om my babas te vermoor? Ek dog hier is ek veilig . . . al was daardie eerste bootrit so vreeslik met my seesiek-naarheid. Dis amper asof ek ook hier op die eiland vasgekeer is, maar nou . . . ek kan nie alles verloor nie, Rosa. Ek gaan nie. Ek sal nie!

ROSA: Okay, okay. Ons sal eendag albei terugkyk op hierdie dag en lag, kyk wat ek vir jou sê. Okay? Nou praat ons oor iets anders.

KARIN: Ek gaan nie alles opoffer vir 'n nuwe laag verf op ons buitemure nie, Rosa . . .

ROSA: Change the subject!

KARIN: Na wat?

ROSA: Praat oor iets anders. Enigiets.

*Pouse.*

KARIN: Rosa?

ROSA: Ja?

KARIN: Het jy al ooit met jou vriend in Johannesburg geslaap?

*Rosa kyk haar verbaas aan.*

ROSA: Wat op aarde . . . hoekom vra jy so iets?

KARIN: Ek weet nie. Jy't . . .

ROSA: Jy't nog nooit vir my so iets gevra nie, Karin?

KARIN: Maar jy't . . .

ROSA: Ek't gesê: change the subject – don't make conversation!

*Pouse.*

KARIN: Ek't eenkeer met 'n man gewoon. Wel, eintlik was hy meer 'n seun . . . nee, dis waar! 'n Rhodesiër. Hy was saam met my in die kollege en gedurende een vakansie het ons besluit om 'n plekkie te deel, jy weet, net om te sien hoe dinge sou uitwerk. Goedkoper vir twee, jy weet mos . . .

ROSA: Jy't dit nog nooit vir my vertel nie!

*Sy lag.*

KARIN: Ek weet dit klink simpel. Dit was toe nie snaaks nie, hoor. Ek moes my goed uit ons huis smokkel sodat my ouers nooit sou agterkom dat ek so iets doen nie. Hy ook. Siestog,

gewoon met sy weduweemoeder. Nou ja, anyway, toe die vakansie oor was, het hy teruggegaan na Moeder en ek het maar alleen agtergebly. Ek en Moesie die kat.

ROSA: En?

KARIN: En niks. Miskien het hy sy ma se kos gemis. Ek kook nie juis nie . . . wel, jy weet dit dan . . . ag, miskien het ons mekaar te goed geken, want niks het gebeur nie. Niks, jy weet . . . Maar as ek eerlik moet wees, was ek nie mal vir die ondervinding nie. Ag nee, om alles te deel met 'n man . . . seun . . . Dit sit 'n mens af, jy weet, sy sokkies en onderbroeke orals. En hy't die tandepasta altyd van bo gedruk en nooit die doppie teruggeplaas nie. En hy't nooit die bad uitgewas nie. Ek moes dit elke keer doen. Nie elke dag nie, want hy het nie elke dag gebad nie. Dit was ook 'n probleem. En hy't gedurig ge-  
...

*Pouse.*

ROSA: Ge-wat? Wat! Kom, jy moet my vertel!

KARIN (*Fluister*): Gepoep.

ROSA: Wat?

*Karin begin lag.*

KARIN: Poep! Jy weet mos, al was sy slaapkamer deur toe, kon ek hulle hoor soos donderweer!

*Sy demonstreer die poepe. Hulle val rond soos hulle lag. Rosa maak haar eie geluide by. Dis 'n welkome verligting.*

ROSA: G'n wonder jy haat die plek nie.

KARIN: Hei?

ROSA: Die wind!

*Meer gelag. Maar Karin gaan nou oor tot trane.*

Wel, dit spyt my dat ek nooit so 'n ondervinding deurgemaak het nie. Ek weet net my geliefde manskens doen nooit so iets nie. Hy's te Engels. Hulle poep mos nooit!

*Sy geniet die grap, dan sien sy Karin se trane.*

Ag nee man, wat's nou fout?



KARIN: Luister net na my. Hier sit ek, nostalgies oor iets wat nog nie eers met my gebeur het nie. Al wat ek het op hierdie vergete rots in die see is die realiteit van Grobbelaar en my kleurplakaat van die Springbok-rugbyspan.

ROSA: Ja toemaar, jy's veilig met die Bokke. Ons bemaak vir Grobbelaar aan die SPCA.  
Kom nou, jy mors jou trane.

KARIN: Don't cry over spilt milk?

ROSA: Miaau, miaau.

KARIN: Dit maak dit net erger.

*Sy huil nou regtig.*

ROSA: Karin, luister nou mooi. Dis net seks. Almal praat daaroor, maar min doen dit met gevoelens. Dis regtig vreeslik oordrewe, al hierdie dramas oor mans en . . . daardie soort dinge. Ja, ek het 'n paar keer geslaap met my man in Johannesburg. Dit bring hom nader aan my, want hy is gewoonlik so oorweldig deur skuldgevoelens dat hy nie kan wag om dit weer te probeer nie. Dis niks om oor gedigte te skryf nie, glo my.

KARIN: Maar hoekom doen almal dit dan?

ROSA: Want bergklim is te gevaarlik. Kom sit nou mooi en kyk uit na dit wat die moeite werd is: ons panorama. Verbeel jou al die miljoene oop oë wat op hierdie oomblik gefokus is op ons eiland, almal wonder watter geheime dinge vanaand hier sal gebeur. As hulle maar net kon regraai.

*Sy staan voor die venster en 'ontbloot' haarself.*

Kyk, julle jagse bliksems! Eerste een oor die water kry die prys!

*Karin is geskok.*

Hier, chauvinistiese varke! 'n Vleispastei en twee mosbolletjies vir die eerste een met die ballas om vir Moeder te los!

*Nou spring Karin met 'n kreet op en speel saam.*

KARIN: Vrystaat!

*Sy lig haar bloes. Daar is 'n geraas buite.*

O, hell's bells, iemand het gesien!

SIBI (*van buite in Xhosa*): (No, don't you make excuses, you pig! Don't you dare point a finger at my father, you white piece of rubbish!)

*Sibi kom binne met Grobbelaar. Hy antwoord in Xhosa.*

GROBBELAAR: (Rubbish? You just listen here . . .)

SIBI: (*in Xhosa*): (I don't listen to murderers and killers of children.) Fuck off!

GROBBELAAR: Jissis, niemand praat met my so nie.

SIBI: Then start getting used to it, Whitey!

GROBBELAAR: Ek vat nie sulke kak van 'n kaffer nie, Miss Rosa.

ROSA: Calm down, both of you . . .

SIBI: And don't you come with your 'calm down' crap! Just stand away from me, all of you. Okay?

ROSA: I said calm down!

KARIN: Rosa, daar is nou vier van ons . . .

ROSA: Wat?

KARIN: Een, twee, drie, vier . . .

ROSA: Then you two get out!

KARIN: I'll go. Nee, dis okay, ek sal gaan. En Grobbelaar kan saamkom. Grobbelaar? Kom!

GROBBELAAR: Sy's 'n fokken dier. Soos al die ander van haar soort. Ek waarsku julle . . .  
(*En dan vir Sibi:*) Ja, and you people want to run this land? Listen, necklacing is too good for you. They should chain people like you to the walls of the city and let the seagulls peck out your eyes, like in the Bible!

SIBI: Wonderful idea. I'll make a note of it in my book of lists and reserve that one specially for you . . . (*in Xhosa:*) (you racist pig)!

*Grobbelaar wil haar gryp.*

KARIN (*Skree*): Grobbelaar!

*Sy hang aan hom en forseer hom om saam met haar die kamer te verlaat.*

GROBBELAAR: Fokken kommuniste . . . jammer, Miss Karin . . .

*Hulle gaan uit. Sibi staan met hande oor die gesig. Rosa is baie kwaad.*

ROSA: You've got a damn cheek, causing a riot in my house. I think you owe me some explanation.

SIBI: I owe you nothing.

ROSA: An explanation.

SIBI: Nothing, Whitey!

*Sy gee vir Rosa 'n fokof-teken.*

ROSA: Now listen carefully to me, comrade. This is my house and you owe me some respect and manners, not because I'm your white madam, but because you're my guest, whether we like it or not! So pack away your 'radical chic', because here we do things my way, and my way is soft and civilised – and do you hear me loud and clear? Hey? You haven't got a hope in hell here, Sibi! I'll just call the authorities and you'll be dead – because I'm white and I'm right. Okay?

SIBI: Okay.

ROSA: Calm?

SIBI: I said okay. I want a drink.

ROSA: Please?

SIBI: Please!

ROSA: I've only got whisky and cherry brandy.

SIBI: Soda water. I don't drink.

ROSA: Oh, the purity of *amandla*. You don't drink, you don't smoke and you don't smile – what do you do? Do you poep?

SIBI: What?

ROSA: *Poep*, you know . . . phhhhhhhhhhhhh!

*Sibi lag skielik lekker en hard.*

Ah, good morning, sunshine.

SIBI: Jesus, you people . . . *poep*?

ROSA: Never mind, it was a means to an end. Okay, soda water. Sorry, no ice. It's in the fridge and I don't intend leaving you alone for one moment.

SIBI: In case I do what?

ROSA: In case you run away and then I'll never know your terrible secrets. Here. Say thank you?

SIBI: Thank you.

ROSA: That's better.

*Pouse. Sy sit.*

So, talk to me.

SIBI: Nice view.

ROSA: What was all that shouting in Xhosa about?

SIBI: He insulted my father.

ROSA: He was provoking you. In your language. You fell for it.

SIBI: I won't take shit from any man, especially not a Boer!

ROSA: I'll drink to that. Anyway, Grobbelaar's not a Boer: he's covered in fur and listens to the police radio in stereo by sticking two bananas in his ears. So, how's your father?

SIBI: They told the truth for once. He looked terrible.

ROSA: Yes, but admit one thing: in spite of what he did, we look after him. You saw for yourself.

SIBI: You people can't afford to take chances with black political prisoners, not after Biko.

ROSA: Was he conscious?

SIBI: You mean, did he see me? No. But I really wanted to sit with him tonight, just to be with him. It's been many years since I saw him. But they pushed me out, very politely, so as not to make any bruises.

ROSA: You can always go back tomorrow.

SIBI: My twenty-four hours is over at noon.

ROSA: Where must you go back to?

SIBI: Listen, leave me alone! Don't try and change the subject! I've got nothing to tell you, white teacher. That old man was a strong, healthy father and now look what you've done to him, so get off my back. I won't lie down so easily!

ROSA: Don't blame me for your star status! If you people want to rock the boat, then expect to get splashed and don't moan when you get wet! Right. The programme is as follows: we watch the early TV news to see what's happening over there in the real world and then we have supper. It's fish night tonight. You're very welcome to join us. Then we prepare classes and read and talk. That's how we relax. Any questions?

*Pouse. Dan uiteindelik:*

SIBI: Do you have a husband?

ROSA: A boyfriend, but he's not here.

SIBI: Ah, not one of the staff from the prison, then?

ROSA: Like hell. He's in Jo'burg.

SIBI: Jo'burg. I grew up there. What's it like nowadays? They say it's a war zone.

ROSA: I really wouldn't know. So you like fish?

SIBI: It's funny how after a time even the horrible things become romantic and you miss them. The train to Jo'burg from Soweto; location life; raids; the laughter; it's very quiet in the Free State. When you watch the sunset or look out in the streets there, all you see is nothing. You feel like the last human left.

*Pouse.*

Yes, I like fish. So you're going to marry a man from Jo'burg and get a house with a garden and electricity and running water and a car and go to church every Sunday and show him photos of this place and remember the hot sun and the high tides and building sandcastles with the children between the barbed wire. Your friend tells me they used stone from the quarry here to build the Cape Town Castle. Now that I really didn't know.

ROSA: Yes.

SIBI: Amazing. Now that's a really important bit of information. You know I'm having a wonderful time. You're a very good hostess, Rosa, my dear – soft and civilised and in a world so far from mine I can scarcely hear the sound of your voice . . .

*Sy staan op, dan lyk dit of sy wil val.*

ROSA: What is it?

SIBI: Nothing . . . I need fresh air. If it's not against the law, I'd like to go out. It's not every day that someone like me gets a chance to walk around outside the fences.

ROSA: It's probably also against the rules. For someone like you.

SIBI: You enjoy having me here, don't you? Makes you feel you're living dangerously, but without guilt or risk.

ROSA: I suppose it's different . . .

*Karin roep van buite.*

KARIN: Ag nee man, ek wil nou inkom. Grobbelaar en ek is al uitgepraat. Een van julle moet waai.

SIBI: Let me 'waai' and go for a walk.

*Sy roep.*

It's okay. I'm going.

*Karin loer om die deur.*

KARIN: En wat gaan ons maak as ons eet? Ons mag mos nie saam om die tafel sit nie. Ek bedoel, wie eet in die kombuis?

ROSA: Ek gee jou drie raai.

*Grobbelaar kom stadig binne.*

GROBBELAAR: You're supposed to stay here till we fetch you tomorrow.

SIBI: So stop me. Go on, take out your gun or whatever and beat me over the head.

ROSA: You make yourself quite irresistible.

GROBBELAAR: As jy haar toelaat om in 'n sekuriteitsarea te loop, sal ek 'n rapport moet insit, Miss Rosa. Ek is jammer.

KARIN: Besluit nou, asseblief!

SIBI: But why don't you come with me, Mr Grobbelaar? Surely I couldn't have a better alibi, and you a more talkative companion. I might even race you down to the beach, where we can play blind man's buff, or kick-the-Kaffir, or what's new around your playpen.

KARIN: Stop it, please. It's bad enough as it is, without you going on like this. Rosa, asseblief, verduidelik vir haar.

ROSA: Grobbelaar?

GROBBELAAR: Miss Rosa?

ROSA: Miss Makhale wants to go for a walk. Will you just stay with her so that there's no trouble?

GROBBELAAR: Vergeet dit, Miss Rosa, dis nie deel van my werk nie.

ROSA: Nee, dis net ek wat vra. Asseblief?

GROBBELAAR: Net as 'n spesiale guns aan jou, Miss Rosa.

ROSA: Dankie, Grobbelaar.

GROBBELAAR: Jy skuld my een. Come.

*Hy gaan uit.*

SIBI: I promise – he says one word to me about my father in Xhosa or in Greek, I'll take a stone and smash his face.

*Sy gaan uit. Rosa gee 'n diepe sug.*

ROSA: Shit, I need a drink!

KARIN: Hell's bells, ek ook . . .

*Rosa skink vir elkeen 'n glas vol. Karin kyk na buite.*

Was dit okay dat ons haar met hom laat gaan het? Miskien moes ek saamgegaan het . . . o nee, dan was ons drie . . .

ROSA: 'Ten little Bantu boys running from the law.

The corporal opened fire

And then there were four.'

Jissis, dis 'n malhuis. Het jy ooit gewonder of daar êrens iemand is wat dink dat ons so gek is soos die gillende seemeus? Hel, asseblief – 'no more than two persons in a room at the same time' . . .

KARIN: Dis die wet, Rosa.

ROSA: En net omdat dit skielik 'n wet is wat ons betrek, besef ons watter mallingheid dit behels? So wat van al daardie ander wette wat ons kastig beskerm? Hei, Karin? Jy weet meer van die politiek as ek. Wat van die ander wette?

KARIN: As daar nie sekere wette was nie, sou daar chaos wees. Elke man vir homself. Onluste. Geweld. Ons sou vir ons toekoms moes baklei en met ons bloed boet.

ROSA: Is dit nie 'n bekende storie nie?

*Sy kyk ook nou na buite.*

Wat doen hulle daar buite . . .?

KARIN: Ek sê nog sy moes nie met Grobbelaar gegaan het nie . . .

ROSA: Ag kom nou, Grobbelaar is net warm wind in 'n uniform. Buitendien, wat dink jy sou hy aan haar hier kon doen?

KARIN: Sy's swart. Sy's die teiken. Hy is haar aartsvyand. Daar's mos geen verskil vir hulle tussen een wit gesig en 'n ander wit gesig nie. Ons lyk almal eners vir hulle.

ROSA: Waar het jy dit gehoor? Wie't dit vir jou vertel?

KARIN: Baie mense. My tannie Gracie.

ROSA: Lyk ek soos jy? Of soos Grobbelaar?

KARIN: Nee . . .

*Sy moet giggel.*

ROSA: Kom help my met die aandete.

KARIN: Ons beter die goeie borde uithaal.

ROSA: Vir wat? Dis niemand se verjaarsdag nie.

KARIN: Ek wil nie hê sy moet dink dat ons vir haar kos gee op ons ou borde nie. Ek wil nie hê sy moet dink ons behandel haar soos 'n swarte nie.

ROSA: Maar sy is 'n swarte!

KARIN: Ag kom, jy weet wat ek bedoel. In ons kombuis op die plaas het ons altyd 'n paar blikborde en -koppies gehad vir die meid of tuinjong of wie ook al kom werk het. Dit was altyd so.

ROSA: Ons het jammerlik nie blikborde of -koppies nie.



KARIN: Dis wat ek bedoel. Sy sal miskien dink ons steek hulle weg!

ROSA: Dis 'n fokken malhuis! Karin, ons eet elke dag van hierdie borde. Ons: ek en jy. Nou sal sy, ons gelukkige gas, ook 'n kans kry. Ons borde. Okay? Ons kan altyd haar bord buite op die rotse stukkend gooi as dit jou meer gemaklik sal laat voel?

KARIN: Maar ons goeie borde . . .

ROSA: Ons goeie borde bly in hulle plastiese omhulsels veilig opgesluit vir 'n spesiale okkasie, soos altyd. Vanaand is nie 'n okkasie nie.

KARIN: Ja, maar ek het net gedink . . .

ROSA: Ja, toemaar, Karin, los al die beplanning vir my. Ek weet om so 'n situasie te hanteer, okay?

*Pouse.*

KARIN: Okay.

ROSA: Ek wil net iets vra. By julle huis, jy weet, daar by die blikborde en -koppies. Julle hond . . . Makhale?

KARIN: Nee, vier honde – Makhale was die rottweiler, dan Smuts, Doris en Ou Henry.

ROSA: Het hulle blikborde nie met die blikborde van die tuinjong en die meid deurmekaargeraak nie?

KARIN: Nooit. Die honde het uit hul eie pragtige borde met hul name op geëet. Soms ook uit my bord. Papa het so kwaad geword, maar nou ja . . . o nee!

*Grobbelaar kom in met Sibi in sy arms.*

ROSA: O shit . . .

GROBBELAAR: Nee regtig, Miss Rosa, ek weet nie wat gebeur het nie . . .

ROSA: Wat het gebeur?

GROBBELAAR: Ek weet regtig nie . . . ons was net daar onder by die rotse . . . besig om te stap, ek agter haar – maar nie na aan haar nie. En skielik, sy't . . . ek weet nie . . .

ROSA: Ek glo dit nie . . .

KARIN: Wat? Is sy dood?

ROSA: Wat het jy gedoen?

KARIN: Wat!

GROBBELAAR: Nee, Miss Rosa, man, ek sweer sy't net geval . . .

KARIN: O liewe hemel, is sy regtig dood?

ROSA: Dood?

GROBBELAAR: Miss Rosa, laat ek verduidelik . . .

KARIN: Sit haar neer!

ROSA: Karin, bly weg!

KARIN: Ek wil 'n kombes gaan haal . . . buitendien is ons nou vier!

ROSA: Maar as sy dood is, tel dit mos nie meer nie!

*Grobbelaar sit Sibi op die rusbank neer.*

GROBBELAAR: Miss Rosa, al wat ek kan sê is . . .

KARIN: Hell's bells, Grobbelaar, het jy haar geskiet? Ek kan dit nie glo nie!

GROBBELAAR: Miss Karin, man . . .

ROSA: Ek het geweet sy moes nooit alleen wees met hom nie. Dis mos nou ons manier van leef. Vermoor die babas, verkrag die meisies . . .

*Sy stop, geskok oor wat sy kwytingeraak het.*

GROBBELAAR: Okay, Miss Rosa, okay. Ek sal vir altyd elke woord onthou wat jy hier gesê het. Vir altyd sal ek onthou.

*Hy gaan uit. Karin hol agterna.*

KARIN: Nee wag, Grobbelaar, jy kan haar nie hier net so los nie!

ROSA: Ek was al saam met hom alleen op die strand. In die aand. Dit kon met my gebeur het. There, but for the grace of God, lie I . . .

KARIN: Dis net te verskriklik . . . wat gaan ons doen? Rosa, ons moet die polisie roep . . . o nee wag, hy is die polisie . . . Rosa? Wat gaan ons doen?

ROSA: É . . . jy't mos First Aid?

KARIN: Waar? Nooit!

ROSA: Maar wat van jou diploma van die kollege? Dit staan daar, jy was die beste in die klas.

KARIN: Ja, maar ek het niks geleer nie.

ROSA: Voel dan vir haar pols.

KARIN: Miskien moet jy liewers . . .

ROSA: Ek weet nie waar haar pols sit nie!

KARIN: Dis hier, man, selle as met ons.

ROSA: Doen iets, Karin, sy sal jou nie byt nie.

*Pouse.*

KARIN: Dink jy hy het haar verkrag?

ROSA: Wat dink jy?

KARIN: Daar was onlangs so baie gevalle . . .

ROSA: O hel . . .

KARIN: Is daar miskien bloed? O, hell's bells, ons nuwe rusbank. Kan jy iets van daar sien?

ROSA: Maar ek het nie 'n skoot gehoor nie, het jy?

KARIN: Nee . . .

ROSA: Kyk na haar nek. Miskien het hy haar verwurg.

KARIN: Dink jy so? Ek kan van hier niks sien nie . . .

*Pouse.*

Rosa, met 'n dooie lyk in ons huis . . . ek bedoel, hulle sal nie dink dat ons . . . jy weet . . .  
.?

ROSA: Ons sê Grobbelaar was by haar. Hy het dit gedoen.

KARIN: Ja, maar wat as hy sê dit was nie hy nie? Hulle sal hom glo. Hulle staan mos saam, die polisie. Hulle sal sê ons het dit gedoen. Jy't ook vir hulle gesê ek wou haar nie hier hê nie!

*Sy begin huil.*

ROSA: Nee, o hel. Wel, sy kan nie hier lê nie. Help my om haar na die kombuis te dra.

KARIN: Maar sy's dood!

ROSA: Ek verwag nie dat sy die viskoekies moet bak nie, Karin! Neem haar voete. Moet my nou nie fokken de moer in maak nie!

*Hulle tel haar tentatief op.*

Sy weeg 'n ton . . .

KARIN: Die dooies weeg swaar. O, hell's bells . . .

ROSA: Is die rusbank okay?

KARIN: Ek sien geen kolle nie. Miskien het sy 'n hartaanval gehad . . .

ROSA: Hei?

KARIN: As daar nie bloed is nie . . .

ROSA: Enige persoon wat Grobbelaar moet aanskou in 'n staat van *sexualis erectus* sal beslis 'n hartaanval hê . . .

*Sy begin lag. Hoe meer sy probeer stop, hoe meer lag sy. Karin is geskok.*

KARIN: Rosa! Hoe kan jy so 'n vieslike grap maak?

ROSA: Jammer . . . jammer . . .

*Hulle probeer Sibi weer beweeg. Rosa begin weer giggel.*

Ons sal haar miskien in die tuin moet begrawe as dit donker word . . .

KARIN: Rosa!

ROSA: . . . naby waar ons die bougainvillaea wil plant!

*Rosa is nou histeries aan die lag. Karin sukkel met Sibi se gewig. Ons sien hoe Sibi met haar vry hand Karin se hare hard trek.*

KARIN: Ow, Rosa, dit was seer!

ROSA: Jammer . . . ek probeer stop, maar . . .

*Maar sy kan nie. Sibi trek weer aan Karin se hare.*

KARIN: Ow, Rosa! Hel man, dis nou nie snaaks nie!

ROSA: Wat doen ek dan?

*Sibi maak 'n lang uitgerekte poepgeluid. Karin skree. Albei laat die 'lyk' terugval op die rusbank. Sibi is nou pap van die lag.*

SIBI: Oh my God, you're so funny . . .

*Rosa en Karin kan hulle oë nie glo nie.*

I must've hit my head when I fell out there. I fainted. Okay? It happens quite often.

KARIN: You're alive!

ROSA: We thought you were dead!

SIBI: No, actually, I'm pregnant.

KARIN: No wonder you were so heavy.

ROSA: Pregnant?

SIBI: I fainted. I'm hungry. And at this moment I have this craving for chocolate cake and beer!

ROSA: Bloody pregnant?

KARIN: You're alive, dankie Vadertjie!

*Sy probeer Sibi omhels.*

SIBI: Nou, sal een van julle wit tewe vir my iets kry om te eet? Of bel ek *The New York Times!*

EINDE VAN EERSTE BEDRYF

## TWEEDE BEDRYF

*Die ligte gaan aan – Rosa sit by die tafel. Sy versamel die sopborde. Sibi kom in met 'n bak waarin die viskoekies is. Rosa gee vir haar die stapel sopborde.*

SIBI: Nice plates. You brought out the china especially for me?

ROSA: From the Indian market.

SIBI: Close enough.

*Sibi gaan uit met die sopborde. Rosa skep vir drie op, Karin kom versigtig binne, kyk rond en sit aan die tafel.*

KARIN: Daar was nie genoeg sout in die sop nie.

ROSA: Dit was okay.

KARIN: Nee, nie genoeg sout nie . . .

*Sibi kom binne en sit. Karin kyk van die een na die ander, wagterend; staan dan op en gaan uit. Sy sit kalm in die gang.*

ROSA: Eat, before it gets cold.

SIBI: There was too much salt in the soup.

ROSA: Shut up and eat, Sibi!

*Hulle eet.*

KARIN: Rosa, vra vir haar of sy tamatiesous met die viskoekies wil hê?

SIBI: That would be nice.

ROSA: Good. It's in the kitchen.

*Sibi mompel iets in Xhosa en gaan uit. Karin kom vinnig binne en sit aan tafel.*

KARIN: Dis belaglik! Waar eet ek?

ROSA: Eet!

KARIN: Ek is so honger.

*Sy begin eet. Sibi kom binne met die tamatiesous en sit.*

Ag nee . . .

*Sy staan op.*

ROSA: Sal jy ophou om soos 'n idioot tekere te gaan?

KARIN: Rosa . . .

ROSA: Sit en eet jou fokken kos!

KARIN: Maar dis teen die wet.

SIBI: Nee, nee – dit *is* die wet.

*Sy wag dat Karin sit en 'n mondvul kos neem voordat sy praat.*

'no more than one person at a time.'

KARIN: Ek is nie honger nie.

*Sy staan op, gee haar bord 'n laaste kykie en gaan weer sit in die gang.*

SIBI: Nice food.

ROSA: Not too much 'salt'?

SIBI: It's fish, what can I tell you?

ROSA: Karin? Sibi likes your food.

*Pouse.*

KARIN: Oh.

SIBI: Especially the fish cakes . . .

ROSA: Karin? Especially your fish cakes.

KARIN: There was too much salt in the soup!

SIBI: Nee, nee . . .

KARIN: Ja, ja, ek het jou gehoor.

SIBI: I don't mind salt really . . .

*Vir Rosa:*

I'm sorry, I didn't mean to upset her.

*Roep.*

I really liked the soup!

KARIN: Yes, thank you.

ROSA: Karin?

KARIN: Ja, Rosa!

ROSA: It'll be cold if you don't come now.

KARIN: Never mind.

*Pouse.*

ROSA: Wat maak jy?

KARIN: Ek wag vir een van julle om plek te maak vir my!

ROSA: We're not going anywhere.

*Pouse terwyl hulle eet. Sibi staan dan op.*

SIBI: I'll go . . .

ROSA: Stay! She must grow up.

SIBI: Yes, she's hungry.

*Sy neem Karin se bord en gaan uit na die gang.*

KARIN: Yes. Hungry!

SIBI: Here.

KARIN: Thanks.

SIBI: You go back in.

KARIN: No, I'm alright here. Really, it's lovely here.

ROSA: Will you two best friends come and sit down before I really get cross?

*Sibi kom binne.*

SIBI: I'll clear up the kitchen.

KARIN: We don't expect you to . . .

ROSA: Karin!

*Karin kom in, haar bord in haar hande.*

KARIN: Sien daar, Rosa, tel nou: een, twee, drie . . .



ROSA: Ek gaan! Om die nagereg te haal. Sit!

*Rosa gaan uit. Karin sit.*

KARIN: Ons het nie nagereg nie. Watse nagereg? Did you ask for pudding?

SIBI: No.

KARIN: Good heavens, what could it be?

*Kyk af na haar bord.*

Now it's all cold.

SIBI: Make a hamburger out of it.

KARIN: A fishburger – it's fish.

SIBI: A fishcake-hamburger!

KARIN: (*Lag*) Sounds so funny – a fishcake-hamburger.

SIBI: Nice recipe.

KARIN: Yes, it's my favourite. It's also so simple.

SIBI: Surrounded by all the fish, all you need is the cake.

KARIN: Hey?

SIBI: Eat, Karin.

*Karin eet. Kou. 'n Visgraat. Sy maak asof dit nie bestaan nie.*

Don't swallow the fishbone, Karin.

KARIN: Mmmmmmm?

SIBI: Spit it out.

KARIN: Eh . . .

*Deur 'n vol mond:*

No fishbone . . .

SIBI: I had an old aunt in Port Elizabeth who swallowed a fishbone and died!

*Karin spoeg dit dadelik uit in haar hand.*

Put it on the plate.

KARIN: No, it's okay.

SIBI: You're going to sit all night with a fishbone in your hand?

KARIN: There are no fishbones in my fish cakes!

SIBI: No?

KARIN: No!

*Sy neem nog 'n vurkvol – en vind weer 'n visgraat.*

SIBI: And what's that? A submarine?

*Sy lag. Rosa kom in met drie bakkies roomys.*

*Tydens hierdie toneel het die wind sterker begin waai en kan soms in die agtergrond gehoor word tot aan die einde van die drama. Hulle is ook daarvan bewus.*

ROSA: The wind's coming up.

KARIN: Mmmmmmmmm.

ROSA: What's wrong with you?

SIBI: Fishbone.

ROSA: Spit it out, Karin. I had an aunt who swallowed a fishbone and died.

SIBI: Really?

*Karin haal die visgraat versigtig uit haar mond en staan op. Neem haar bandmasjien en sit op die rusbank.*

KARIN: Ek is nie lus vir roomys nie . . . hallo? Testing one, two, one, two . . .

ROSA: Must you always do that?

KARIN: I have to check if it's working. I don't want to talk out everything and then find that nothing makes sense!

ROSA: True.

KARIN: Hallo, Mammie, dis weer ekke, Karin. Luister, dis nou die aand van dieselfde dag toe ek vroeër met Mammie gepraat het. Dis mos ook op hierdie kasset. Dis nou . . .

ROSA: Ná aandete.

KARIN: . . .ná aandete . . .

SIBI: Ons het heerlike viskoekies geëet . . .

KARIN: Ons het heerlike vis . . .shhh, Sibi! . . . Ag, Mammie, luister nou hoe maak Rosa weer grappies. Nou ja, ek weet nie of Mammie kan hoor nie, maar die suidoosterwind is weer woes aan die gang soos altyd. Ek onthou hoe Mammie altyd die sedoos so opwinded gevind het en ook gesond, want hulle sê dit waai al die vuil lug weg. Maar hierdie wind kan mense ook mal maak.

*Rosa en Sibi kyk onderlangs na mekaar.*

Ek oordryf nie, Mammie: dit maak die kinders in die skool soms onmoontlik . . . of moet ek sê: meer onmoontlik . . . é . . . ja-nee, wat nog . . . o ja, Mammie, ons het vandag groot opgewondenheid gehad. Ons het 'n besoeker . . .

*Sy stop die masjien.*

Dit is belaglik! Ek weier om met hierdie bedrog aan te gaan!

ROSA: Dis wat ek bo by die kantoor oor en oor gesê het, maar ons lewens moet voortgaan ten spyte van die 'opgewondenheid'. Ons het aandete gehad. Nou maak ons reg vir môre se klasse en lees. Gaan voort met jou geselsie met jou ma, Karin.

KARIN: Dit kan wag tot môre.

ROSA: Jy skuld jou ma 'n band, Karin.

SIBI: Oh, please don't feel shy, or think that I'm in the way, just in case you want to tell your ma there's a cheeky Kaffir girl in your bed.

KARIN: Shhhh, please! You promised not to say anything! They listen in.

ROSA: Ag, nonsense!

KARIN: Issie nonsense nie! Hulle sal hoor daar is meer as twee van ons in die kamer. Please, I don't want trouble. And . . .

*Spesifiek vir Sibi:*

. . . we never used the word 'Kaffir' in our house. We grew up as Christians.

ROSA: Amen. Gaan aan met jou gesprek met Mammie, Karin. It's just us two, remember? You and me.

SIBI: You and I.

KARIN: Maar ek voel selfbewus.

ROSA: Kyk dan anderpad en verbeel jou jy's alleen.

*Karin kry haar masjientjie reg en begin weer.*

KARIN: Nou waar was ek?

SIBI: Die besoeker uit outer space?

ROSA: Shhhh!

KARIN: Mammie, soos ek gesê het, vandag het ons 'n besoeker. Sy's uit die . . . die Noorde.

Sy't haar vader kom besoek. Siestog, hy's siek. Sy's . . . sy's swanger en . . . nee, ek kan nie!

*Sy stop en gaan huilend uit. Sibi wil volg.*

ROSA: Los haar. She can't express herself. Let her cry.

SIBI: She's a teacher, for God's sake. If she can't express herself, what can she do?

ROSA: She recites and teaches others what she learnt parrot-fashion from someone else, who learnt it blindly from someone else who made it up! She's a good teacher.

SIBI: Sounds like Bantu Education.

ROSA: Mmmm. I had a good teacher when I was at school. I was one of the lucky ones, hey?

She wasn't good at her subject – chemistry or something – but she took an interest in me, took me out in civvies to art galleries and even the ballet once; but it wasn't just that: it was being treated like a grown-up that made all the difference. She would listen to my point of view, for what it was worth. She didn't laugh at me, well, at least, not to my face. She said that teaching was her life. Funny, since I started teaching here my life seems to have stopped.

SIBI: What did you really want to do?

*Sibi sit by Rosa en neem haar breiwerk uit haar sak – 'n klein babajassie waaraan sy werk.*

ROSA: I wanted to be an athlete. I ran well once, can you believe it? But in those days athletics wasn't a career, it was a hobby. Okay. So I did what everyone else was told to do: I got something to fall back on. My diploma. Funny what a difference it makes, hey? Something to fall back on! No one ever said to me, get something to *fall forward* on! Always the retreat mentality, the negative. 'Rosa, kry iets om op terug te val, want jou drome sal flop!' So look at me now.

SIBI: A good job, a nice house, a faithful friend – and you're white. What more do you want?

ROSA: Oh, please, I wanted so much more in the beginning! I had such big dreams! I can't remember them all now, but they kept me awake so many nights and made me feel brave and important. What were your dreams?

SIBI: You talking to me?

ROSA: Who else?

SIBI: I don't know. I'm asking: are you making polite conversation because the bosses in the copshop are listening in, and if you play their game, you'll get a gold star in your homework book?

ROSA: Nobody listens in to me.

SIBI: You mean you're not even bugged?

ROSA: They're not interested.

SIBI: Shame. Dreams? I don't know. We blacks all have one dream, and after all that, all little dreams are silly.

ROSA: Don't drag politics in, please!

SIBI: Everything is political: eating, houses, schools, God, love, sex, hate. Even the sun shines down to make your skin dark, while it bleaches our land white.

ROSA: You're here because of politics!

SIBI: Only after you people forced it on me!

*Pouse.*

Yes, I also had dreams. Not to be a jogger like you; I don't even run from the riot police.

No, I wanted to be a nurse, like my mother was before she was forced to give it up.

ROSA: Not a lawyer?

SIBI: Why a lawyer?

ROSA: They said . . . never mind. So you became a nurse?

SIBI: I planned and then fought with my mother, who wanted me to get a decent job and not work for whites . . . but yes, I once did work for whites to earn money to make my dream come true.

ROSA: Couldn't you get a bursary?

SIBI: Come on, teacher, we're talking about the years when it wasn't fashionable to sponsor a black face. Not with a father in jail and a mother under house arrest.

ROSA: You could've gone to the press.

SIBI: The overseas press had just discovered the Ayatollah . . . So I spent my dream carrying letters from his lawyer to her lawyer, keeping their marriage alive with little messages, dodging police and informers. I inherited the burden of their revenge. I got involved. So here I am.

ROSA: Did you also throw bombs?

SIBI: That would be so simple, wouldn't it? No, I talked. I made speeches. I visited friends.

ROSA: Russia?

SIBI: Russia? What the hell is this white obsession with Russia? Why must everything anti-apartheid come from Russia? Look, I've never been north of Jo'burg! You teach history?

ROSA: No, Karin does.

SIBI: Ah yes, the one who can't express herself. Listen, I talked a lot about a future because I know it will happen. You people seem to live happily in the past because it makes you feel strong.

ROSA: History is history.

SIBI: History is now! My father is history. You and I are history! And Karin teaches 'history'?

*Sy wys buitetoë na die panorama.*

ROSA: So . . . we all seem to have something in common.

*Die gesprek is oor. Pouse. Dan begin Sibi lag.*

SIBI: Did you really think I was dead?

ROSA: Er . . . no . . . I don't know . . .

SIBI: Julle Boeremeisies was baie snaaks, hoor.

*Pouse.*

Have you ever seen someone die?

ROSA: No, I looked away.

SIBI: But you were there?

ROSA: Yes, but I didn't want to see.

SIBI: Strange, with all the death that surrounds me every day, I have also never seen someone die. Yes, I've seen bodies; I've dressed bodies for the grave; I've carried bodies out of the streets, but never *that moment* when someone just vanishes in a breath. Like the wind that you can't see, suddenly it's gone . . . My father will be dead soon. Oh yes, I know enough of the way dying people just lie there to be sure. Alone he will die, cross over without help.

ROSA: There are priests.

SIBI: I didn't mean he wanted his ID book stamped. I just want to be with him and hold his hand and touch him till he's gone on. It helps, they say.

ROSA: I wouldn't know. Oh, how morbid all this is. Ek gril my dood.

*Sy sidder en staan op.*

I want to be touched now, while I'm still alive, not just before I die, thank you very much! You don't drink?

SIBI: No, but go ahead.

ROSA: Hell, thanks. Whisky and soda, no ice!

*Sibi skink haar drankie; Rosa hou haar fyn dop.*

I've never spoken to a black before.

SIBI: Long live apartheid . . .

ROSA: No, I mean like a person . . . I mean . . . you know what I mean?

SIBI: You mean you've never spoken to a black before like you would talk to a white?

ROSA: I'd never say these things to a white!

SIBI: Then to who?

ROSA: 'To whom'! Anyway, don't be so cheeky. I just wanted to say that it is a change to talk to . . . well, just to talk. You didn't have to talk to me, Sibi, you could've gone to bed.

SIBI: The history teacher, I think, has claimed her couch.

ROSA: We'll sort that out when you get tired. Are you tired?

SIBI: No.

ROSA: Doesn't the baby make you tired?

SIBI: Not yet.

ROSA: You don't look pregnant.

SIBI: That's good.

ROSA: How many months?

SIBI: They say eighteen weeks.

ROSA: Do you have any other kids?

SIBI: No.

ROSA: Your first?

SIBI: For a schoolteacher you ask the most intelligent questions.

ROSA: I'm trying to show my interest. I've never entertained a pregnant, black, banned, terrorist's daughter before.

SIBI: I appreciate your interest. Can we talk about your sex life now?

ROSA: Your husband? What does he do?

SIBI: Have you had any children?

ROSA: Don't be silly, I'm not married.

SIBI: Nor am I.

ROSA: Is that special? I thought all you blacks just had kids without . . . er . . .

SIBI: Without bothering to get married? I couldn't get married, because the man I fucked was already married, Okay? I loved him. I wanted his child. I still do. I need a child. Okay?

ROSA: Okay. Okay.

SIBI: I never really knew my father. He was arrested when I was very small. So I never knew a father at home. I've never walked with my father in the street. The few times I've seen him, we have to talk over the phone, looking through a glass window. I can't touch him. I



can't tell him anything, because there are always warders, like – what's-his-name? Your boyfriend?

ROSA: Nee, asseblief! Grobbelaar's not my boyfriend!

SIBI: Like him – sitting on each side of the glass, listening. My baby will also maybe not know its father, but, like me, will come away strong when we talk of our struggle.

ROSA: Oh, blah, blah, blah! A baby needs a father, a man, real family warmth. The struggle, your politics, is cold. What have you got called Father? A photo cut from an overseas newspaper?

SIBI: I have a memory. Yes, I hope my father dies here soon. If they let him go free now, no one in the world will even recognise him. Alfred Makhale is strong in the dreams of many; my sick old father alone is my reality.

ROSA: But can you talk to him again tomorrow? Hold his hand?

SIBI: I don't know.

ROSA: You'll sit with him. There are some people around here who owe me some favours. What brutal rubbish! I'll make a plan.

SIBI: Do you really think you could –

*Sy stop want Karin kom binne in haar kamerjas. Sy dra haar donskombers en 'n geraamde foto.*

KARIN: Ek het my tande geborsel en my hare. Your bedroom is ready. I took everything I need.

ROSA: Wat's daar in jou hand?

KARIN: Dis die foto van my ouers. Ek slaap altyd met dit langs die bed. Dit bring my geluk.

SIBI: Dis mooi. Ek sal nou regmaak vir die bed. Ek hoop jy gee nie om nie, maar ek wil graag die prent van my ouers ook langs my bed sien as ek wakker word. Jy hoef nie daarna te kyk. Hulle is albei banned people en hulle prent mag nie gesien word nie. My geheim. Good night.

*Sy gaan uit. Karin sit en maak haarself toe met die kombers.*

KARIN: Sy praat Afrikaans . . . Rosa, wat gebeur met ons . . .

ROSA: Moenie daaraan dink nie, Karin. Kyk net uit na die panorama.

*Hulle kyk uit.*

KARIN: Rosa, wat doen ons met Grobbelaar?

ROSA: Hei?

KARIN: Daardie vreeslike dinge wat jy vir hom gesê het? Jy't hom aangekla vir verkragting, tot moord!

ROSA: Nee man, ek dog sy was dood . . . jy ook. Ek het niks slegs bedoel nie, regtig. Dit was net skok.

KARIN: Hy sal nooit weer dieselfde met ons wees nie, Rosa. Ons het 'n vriend verloor.

ROSA: Grobbelaar was nooit 'n vriend nie!

KARIN: Hy is my vriend. Jy weet, ek het begin wonder. Ek is al so lank hier, kykend na die uitsig, na ons panorama. Ek het so hard probeer om nie te dink aan die ander nie, daar agter sonder uitsig.

ROSA: Jy bedoel Makhale.

KARIN: Stel jou voor 'n lewe sonder vensters, net die wind. Net die seemeeue. Net die Grobbelaars. En miskien, net een keer, skielik, die sien van ons twee wit vrouens wat speel met wit kinders op die wit strand, bouend aan sandkastele wat die wind maar net sal terugblaas in die oë van dié wat vlugtig na ons kyk. Ek wil nou regtig wegkom van hierdie plek, Rosa. Heretjie, asseblief, laat ek tog daardie werk kry. Ek moet . . .

ROSA: Jy sal.

KARIN: Nee, ek dink nie hulle wil vir my hê nie. Maar ek sweer as hulle my weer wegwys, sal ek eerder sterf, as om vir ewig hier te bly soos nou.

*Sy probeer haarself regruk.*

Ag wat, ek gee nie om nie . . .

ROSA: Ek gee om.

KARIN: Wel dan, hoekom het jy daardie vreeslike dinge vir Grobbelaar gesê? Die enigste vriend wat ons hier het? En dit net oor 'n terroris se dogter?

ROSA: Daar's baie meer aan haar as net dit, Karin. Ons het gesels.

KARIN: Gesels? Ag, asseblief, moenie met my praat oor 'gesels' nie. Jy bedoel nadat sy drie woorde mooi in Afrikaans geuiter het, jy besef het watter oulike en beskaafde persoon sy is? Ten spyte van al die politiek?

ROSA: She's no fool.

KARIN: No, *I'm* the fool; sy's in my bed! Maar dis okay, Rosa. Ek sal vir haar my bed gee, aandete bedien, opwas, wegpak, skoon lakens op die bed sit – dit alles en nog meer. Maar ek sal nie met haar praat nie, of na haar luister nie en, o Heretjie in die hemel, ek bid dis al môre en sy's uit ons lewens vir altyd!

*Sy huil. Rosa weet nie wat om te doen nie.*

ROSA: Ag nee, jissis, hoekom tjank jy die heel tyd? Hou nou op met die snot en trane, Karin! Wat's verkeerd met jou? Is jy siek?

KARIN: Ek is bang!

ROSA: Wel, sluk dan 'n pil en gaan slaap. Hier, neem een van my spesiales.

*Sy haal 'n botteltjie uit haar sak en gee een pil vir Karin.*

KARIN: Nee dankie, ek is okay.

ROSA: Jou senuwees werk op my senuwees. Sluk 'n donnerse pil en kalmeer!

KARIN: Nou goed. Okay. En jy? Wat gaan jy doen?

ROSA: Ek gaan net gou seker maak die terroris is gemaklik en dra nie my beste pyjamas nie. Karin, sluk die fokken pil en kom tot bedaring!

KARIN: Jy sal terugkom?

ROSA: Nee, Karin, ek en Grobbelaar hardloop weg na Suid-Amerika waar ons gaan trou en ses kinders grootmaak. Natuurlik kom ek terug. Ek belowe. Ek wil nog 'n bietjie werk aan daardie artikel.

KARIN: Ek sal nie verslaaf raak aan die pil nie?

ROSA: Nee, maar as jy dit nou nie dadelik neem nie, sal ek! Dis net 'n pil, Karin . . . shit . . .

*Sy gaan uit met die skottelgoed. Karin bekyk die pil deeglik, dan steek sy dit weg onder een van die rusbankkussings. Tel haar bandmasjien op sonder om dit aan te sit.*

KARIN: Ai, liewe Mammie . . . moet nou nie kwaad word nie, maar laat ek net een ding vra: hoekom het Mammie en Pappa my so bang grootgemaak? Te bang om mooi te wees, te

verskrik om terug te praat. Ek het maar net altyd gefluister: jammer. Ek het nooit beseef ek kon dinge in my lewe verander nie. Julle het my so bang gemaak dat ek nooit vry sal wees soos daardie swart meisie nie, en sy's veronderstel om verban te wees! Sy lag my uit; almal lag vir my . . . En as ek besluit om alles te eindig en meer as een pil te sluk, sal dit enige verskil maak? Sal ek net weer moet sê hoe jammer ek is, want nou sal niemand vir Mammie nuwe poskaarte van die panorama stuur nie? Maar ek is te bang om selfmoord te pleeg, net ingeval dit die een ding in my lewe is waarin ek slaag. Ek's jammer, Mammie . . .

*Rosa kom in met haar grimeringsakkie vol goed en 'n oop tydskrif. Sien Karin is nog wakker en kyk af na die bandopnemer.*

ROSA: Dis nie op 'record' nie.

KARIN: Ek weet. Ek oefen maar net.

*Sy maak haar gemaklik op die rusbank.*

Ek dink ek sal net so hier lê.

ROSA: Met jou pantoffels aan? Net ingeval daar iets vreesliks gebeur sodat jy vinnig kan uithardloop met al ons waardevolle skatte in jou arms?

KARIN: Nee. Dankie. Ek het vergeet om hulle uit te trek. Nag, Rosa.

ROSA: Nag, Karin.

*Pouse. Karin maak of sy slaap. Rosa sit en bestudeer die tydskrifartikel. Karin maak haar oë oop.*

KARIN: Wat doen jy?

ROSA: Shut up en slaap, Karin. Het jy die pil in?

KARIN: Ja, ek het. Is dit iets wat jy môre in die klas gaan gebruik?

ROSA: Nee, dis 'n artikel oor Robbeneiland. Ek wil 'n paar goed byskryf en dit dan vir Sibi gee voordat sy gaan. Richard het dit vir my gestuur. Het ek nie vir jou gewys nie? (*Karin skud haar kop.*) Sal ek vir jou lees?

KARIN: Dit sal my help slaap.

ROSA: Ag, jou lawwe ding.

*Sy haal haar grimering af terwyl sy lees. Karin luister, al maak sy asof sy slaap. Gedurende die volgende episode luister sy ook en ons is bewus daarvan. Rosa nie.*

‘When people speak of the island, it is usually with abhorrence. Its history does not read like a fairy tale. Like a monster guarding the gateway to Africa, it has become a symbol of hopelessness, its reputation going back centuries. But this beautiful island does not deserve its ugly past, nor its offensive present. It is a forgotten paradise of teeming bird and marine life, probably the only stretch of totally unspoilt coast in southern Africa . . . it squats in the sea like a pimple on the face of the fairest cape in the whole circumference of the earth . . .’ Nou kom my beste deel . . . ‘like a full stop at the end of a long sentence called Africa.’

*Sibi kom binne.*

SIBI: Bedtime story?

ROSA: I gave her a pill . . .

SIBI: Is she okay there? She doesn’t look very comfortable.

ROSA: Look, let’s just get this night over with, okay?

SIBI: Okay.

*Sy lees die opskrif van die artikel.*

‘South Africa’s *Paradise Lost*’. I must remember to tell my father. (*Kyk uit na die donkerte.*) Funny, how liberal South African whites sat over there for years with this thorn in their eyes and carried on blindly sipping the good life.

ROSA: Sibi, say what you’ve come to say and go to bed. You’ll wake Karin.

SIBI: I don’t think she likes me.

ROSA: No.

SIBI: I’m sorry. Good night.

*Pouse.*

Rosa, you said I don’t look pregnant.

ROSA: You don’t.

SIBI: Are you sure?

ROSA: What's your problem? You're going to have a baby. It's happened before. Relax.

SIBI: I'm scared my father will know.

ROSA: Sibi, your father's got other problems.

SIBI: I can't lie to him, you see, Rosa. I can't pretend. He's very strong. Very strict. He'll sense it. He'll demand to know. What can I tell him?

ROSA: You say, 'Pa, you're not losing a daughter; you're gaining a grandchild.'

SIBI: He'll ask who the father is.

ROSA: Tell him.

SIBI: Never.

ROSA: Come on, Sibi, was your married man really from outer space?

SIBI: Yes; he was white.

*Sy gaan uit.*

ROSA: Karin? Is jy wakker?

*Maar Karin maak of sy slaap. Rosa maak seker en vou die kometers om Karin. Grobbelaar was in die deur, luisterend.*

Karin . . .

*Sy draai en sien Grobbelaar.*

Jissis, Grobbelaar, kan jy nie klop nie?

GROBBELAAR: Ek wou nie vir Miss Karin wakker maak nie.

ROSA: Ek werk.

GROBBELAAR: Jy werk nooit so laat nie, Miss Rosa.

ROSA: En sal jy ophou om my so te noem!

GROBBELAAR: Wat moet ek vir Miss noem?

ROSA: Ag, enigiets. Los ons net alleen.

GROBBELAAR: Moordenaar?

ROSA: Wat?

GROBBELAAR: Soos jy my vroeër vervloek het. Moordenaar. Verkragter. Wat was die ander?

ROSA: Ons het gedink sy was dood, Grobbelaar.

GROBBELAAR: En dat ek dit gedoen het?

ROSA: Hoe verwag jy moet ons dink? Jy's 'n poliesman! Jy's opgelei om . . .

GROBBELAAR: . . . om meisies te vermoor? Is dit wat jy dink?

ROSA: Asseblief, Grobbelaar, jy beter gaan. Ons kan dit alles môre uitsorteer.

GROBBELAAR: Het jy ooit gesien dat ek 'n geweer dra, Miss Rosa? Ek het nog nooit hier gewapen rondgeloop nie. Die enigste keer wat ek 'n pistool afgevuur het, was op mevrou Nellen se plaas buite Somerset-Wes. Daar was 'n inbreker; ek het in die lug geskiet. Ek weet nie hoe om dood te maak nie, Miss Rosa. Ek vra die Here om my daarteen te beskerm, maar as ek dit moet doen as deel van my plig, sal ek dit doen. Net soos dit jou plig is om die kinders leuens te vertel.

ROSA: Ek vertel nie leuens nie! Ek het my lewe gegee vir die opvoeding van ons kinders, en wat ek hulle leer is die waarheid! Hoe durf jy my 'n leuenaar noem!

GROBBELAAR: Jy lieg oor Richard, jou kastige vriend in Johannesburg.

*Pouse.*

ROSA: Wat die hel weet jy van my vriend in Johannesburg! Wat het sy vir jou vertel?

GROBBELAAR: O nee, Miss Karin vertel my baie min. Miss Karin is bang vir jou, Miss Rosa. Ek dink sy's bang jy sal haar seermaak.

ROSA: Moenie vir my met jou kwas in 'n hoek verf nie!

GROBBELAAR: Ek weet jy straf Miss Karin as jy nie jou sin kry nie. Jy hou haar hier weg van die Stad en die lekker dinge, want jy laat haar glo sy sal so siek word op die boot.

ROSA: Sy word seesiek . . .

GROBBELAAR: Net omdat jy haar aanhits. Daar's niks verkeerd met haar nie.

ROSA: Ek is regtig nie lus vir hierdie ou geselsie met jou nie, Grobbelaar. Dit was nogal 'n taai dag.

GROBBELAAR: Hierdie Richard in Johannesburg? O, ek weet jy't destyds 'n boyfriend gehad, Miss Rosa. Toe vind jy uit hy was besig om in die geheim met jou beste vriendin

te vry. Vir die eerste keer uitgevind toe hulle albei in daardie motorongeluk omgekom het. Siestog, Miss Rosa, jy't ook maar goor maatjies gehad.

ROSA: Richard skryf elke week vir my. Ek het briewe!

GROBBELAAR: Ja, briewe wat jy aan jousef skryf en dan na daardie posbus in Kaapstad pos en dan kom jy terug, kastig met jou boyfriend se briewe, en maak net seker Miss Karin sien nie die posmerk is Kaapstad en nie Johannesburg nie.

ROSA: Stop . . . stop . . . STOP!

GROBBELAAR: Dis okay. Miss Karin slaap. Sy kan nie hoor nie. Jy't haar een van dokter Belhar se spesiale pille gegee.

ROSA: Jy luister ons af?

GROBBELAAR: Toe ek laas jaar die dak reggemaak het, het ek somaar 'n paar drade bygesit. Sekuriteit is altyd 'n nommer een prioriteit, Miss Rosa. Maar toemaar, julle twee onnies is nie vir nasionale sekuriteit 'n bedreiging nie. Net iets wat ons by die kantoor vermaak.

ROSA: Julle luister na ons gesprekke?

GROBBELAAR: Jy kom uit met 'n paar lekker skurwe grappe, Miss Rosa. En daardie sexy stories wat jy vir Miss Karin vertel? Damn goed. Nie heeltemal akkuraat nie, maar 'n helse lot sports.

ROSA: Bastard!

GROBBELAAR: En oppas met Engelse name, Miss Rosa. Moordenaar en verkragter was genoeg vir een dag. 'Bastard' is 'n ander storie. Maar dis okay, Miss Rosa, soos jy gesê het: vandag was 'n taai dag. Waar's die meid?

ROSA: Slaap in Karin se kamer.

GROBBELAAR: Jissis, jy sal ook maar enigiets doen om te kry wat jy wil hê. Wat is dit die keer? 'n Nuwe laag verf vir die huis? Jy sit 'n volksvyand in Miss Karin se bed, terwyl jy weet hoe sy voel oor daardie meisie se pa en hoe bang sy is vir enigiets wat met hulle te doen het?

ROSA: Ek het net gedoen wat jou kantoor my gevra het om te doen . . .

*Sy lyk uitgeput; uitgebaklei. Ons sien Karin luister. Rosa en Grobbelaar is onbewus daarvan.*



GROBBELAAR: Ja, nou wel, ek wou net seker maak alles hier is okay. Dis nie deel van my werk nie. Dis net, ek het gedink julle twee sou veiliger voel as julle weet daar is iemand wat omgee.

*Pouse. Rosa probeer dinge uitwerk.*

ROSA: Ek . . . ek is jammer . . . jammer oor die goed wat ek oor jou gesê het . . . ek . . .

GROBBELAAR: Ja, toemaar. Dis okay.

*Hy gaan na die deur, stop en draai na haar.*

O ja, terloops, Miss Rosa? Het Miss Karin my boodskap oorgedra?

ROSA: Boodskap oorgedra?

GROBBELAAR: Oor die funksie? Ek het hier ingeloer en sy het my 'n peanut-botter toebroodjie gegee. Ek het haar toe gesê ek wil vir Miss Rosa na die funksie nooi.

ROSA: Wat? Ek? Met jou? Na jou f . . . funksie?

GROBBELAAR: Miss Rosa sal dit hels baie geniet. En wie weet, miskien die dag ná die funksie, sal Miss Karin ook hoor van daardie nuwe pos waarvoor sy aansoek gedoen het. Wie weet, nè, Miss Rosa?

*Pouse.*

ROSA: Hoeveel weet julle?

GROBBELAAR: Nee, kom nou, Miss Rosa, ek is net 'n poliesman. Wat weet ek?

*Pouse.*

ROSA: Formeel?

GROBBELAAR: Hoe nou?

ROSA: Is die funksie formeel?

GROBBELAAR: É . . .

ROSA: 'n Lang rok.

GROBBELAAR: Jissis, jy't 'n lang rok? Hel, dis perfek, Miss Rosa. Ja, asseblief, dra jou lang rok. Dis formeel, ja. Formeel.

*Hy is nou baie na aan haar. Sy steier terug, maar probeer ook haar gevoelens beheer.*

Dis baie Miss Rosa se tipe ding. Ons kan dans. Gaan stap op die strand in die spreiligte.

ROSA: Die wind sal waai.

GROBBELAAR: Toemaar, ons sal 'n plan maak. Ontspan nou, Miss Rosa, die kaffermeid sal binne ure weg wees en dan sal alles weer normaal word. Soos altyd.

ROSA: Soos altyd.

GROBBELAAR: Laat ek jou 'n bietjie opkikker met 'n grappie wat ek by die werk gehoor het. Miss Rosa kan dit maar later vir Miss Karin vertel. Sê Miss het dit self uitgedink. Ek sal nie klik nie. Okay?

*Sy reageer nie.*

Okay. Daar's hierdie oom en tannie wat woon op 'n verlate plaas, daar doer in die hart van die Karoo. Daar's niks. Hulle's alleen. Die twee van hulle. Saam. Daar's nie teevee nie. So word sy pregnant . . . swanger. Haar man moet nou na die naaste dorp gaan om die . . . midwife?

ROSA: Vroedvrou.

GROBBELAAR: . . . vroedvrou te gaan haal. Okay. Hy klim op sy fiets en ry vir ure op gruispaaie en sandspore en kom uiteindelik op die dorp, totaal gebogger. Hy vertel alles vir die vroed . . . vir die midwife. Sy klim in haar klein karretjie en ry. Nou moet hy weer terug op sy fiets, ure langs sandspore en gruispaaie. Hy kom uiteindelik by die plaas en raai wat, Miss Rosa?

ROSA: Sy vrou is dood.

GROBBELAAR: Nee, Miss Rosa, sy's nie dood nie. Het Miss Rosa al hierdie grap gehoor?

ROSA: Nee.

GROBBELAAR: Okay. Anyway, die midwife brom en grom: 'Gaan terug na die dorp en gaan haal die dokter, want hier's 'n probleem!' Miss Rosa weet mos, met haar vroulike dele.

*Rosa reageer nie.*

Ja-nee.

*Grobbelaar haal 'n paar keer diep asem. Kom nader aan haar.*

Nou moet die oom weer al die pad terug na die dorp sukkel op sy fiets, vir ure . . .

ROSA: . . .op sandspore en gruispaai . . .

GROBBELAAR: . . . en hy kom by die dokter en hyg: ‘Dokter? Maak gou!’ En die dokter klim in sy Mercedes en ry na die plaas. En die arme boer moet maar weer terugsukkel op sy fiets.

*Hy kyk na haar, hopeno sy sal weer aanvul. Rosa reageer nie.*

O hel, ek kan dit so voor my sien, op die gruispaai en sandspore, by die koppies op en oor die slote. Hy kom by sy plaas en wat hoor hy van die dokter? ‘Die water het gebreek!’ En die arme oom begin somaar huil: ‘nee, nee, ek gaan nie nou terug vir die plumber nie.’

*Hy kyk na haar vir ’n reaksie.*

Die loodgieter. Plumber . . .

*Hy lag. Rosa toon geen reaksie nie.*

Die water, Miss Rosa? Met die baba wat kom en alles . . . het Miss Rosa dit verstaan?

*Hy is nog nader aan haar. Hy vat aan haar. Sy beur weg.*

Is okay, ek sal alles mooi verduidelik by die funksie. Nag, Rosa . . .

*Hy soen haar. Sy breek weg, gewalg. Sibi kom in met ’n kombes om haar. Sy het Karin se teddiebeer in haar een hand. Karin maak nog asof sy slaap.*

SIBI: Jissis, Boer, can’t you keep your voice down? There are Kaffirs trying to sleep in there!

ROSA: He was just leaving . . .

SIBI: I heard. You okay, Rosa?

ROSA: Shhhh, Karin’s sleeping . . .

GROBBELAAR: They’ll come and fetch you early, ‘Comrade Makhale’. As a special favour, we’ll let you see your father through the window and then you go by helicopter straight across to the airport and then on a plane back to where you came from.

SIBI: Where I come from I can really identify with that boer on his bicycle. Thank you, meneer Grobbelaar – see you on the battlefield.

GROBBELAAR (*in Xhosa*): (I’ll be looking out for you.)

SIBI (*in Xhosa*): (And I’ll have a nice new tyre ready just for you.)

*Grobbelaar glimlag vir Rosa; sy kyk weg. Hy kyk af na waar Karin 'slaap'. Sit sy vingers voor sy mond.*

GROBBELAAR: Shhhh.

*Hy gaan uit.*

*Pouse.*

SIBI: You don't have to go to that function.

ROSA: I know.

SIBI: Will you?

ROSA: I don't want to die a virgin . . .

*Sy probeer 'n grap maak.*

Stupid joke.

SIBI: That's never a joke.

ROSA: I don't know. Maybe if I go with him, Karin will get . . .

SIBI: Shhhh.

*Sy wys na die moontlikheid dat hulle afgeluister word.*

ROSA: Oh . . . I . . . er . . . want to go to sleep now . . .

SIBI: I'll leave very early. Tell Karin I said goodbye. Here, she left this little friend in her room.

*Sy sit die beertjie saggies by Karin neer.*

It's only got one eye . . .

ROSA: And probably sees more than we do.

SIBI: I'll also have to sort out my life tomorrow.

ROSA: Good luck.

SIBI: You too.

*Pouse.*

ROSA: That white man. Did he rape you?

SIBI: No. He loved me.

*Sy gaan uit. Rosa probeer trane terughou. Sy kyk uit na die donkerte waar die panorama is. Agter haar, sien ons Karin sit nou regop.*

ROSA: Here, dis nie reg nie! Is daar iemand daar buite wat my wil liefhê?

*Pouse. Rosa huil. Die wind waai sterk buite om die huis. Karin lê weer terug op die rusbank en 'word wakker' met geluide. Rosa ruk haarself reg en vee haar gesig met 'n sneesdoekie.*

KARIN: O . . . o, wat gebeur? (*Sy gaap en strek haar arms uit.*) Rosa, is dit jy? Gits, ek het soos 'n klippie geslaap!

ROSA: Dis die pil . . . maar hoekom is jy wakker? Het ons jou wakker gemaak?

KARIN: Ons? Wie was hier?

ROSA: Niemand nie. Net ek.

KARIN: Het jy verkoue?

ROSA: Hooikoors . . . die fyn sand . . .

KARIN: Ag nou, ek gaan weer slaap. Dis amper die volgende dag.

ROSA: Dankie Vader . . .

KARIN: Rosa?

ROSA: Wat is dit, Karin?

KARIN: Jy kan 'n bietjie hier kom lê as jy wil. Die uitsig is so mooi.

ROSA: Dis pikdonker.

KARIN: Ja, maar ons kan ons verbeeld . . .

*Pouse. Die wind kerm en sug.*

ROSA: Net vir 'n oomblik, okay?

KARIN: Okay.

*Rosa gly op die rusbank agter Karin in. Karin trek die donskombers oor hulle albei. Hulle lê lepel en kyk uit na die gehoor – kyk uit na die donker uitsig.*

ROSA: Jou kop . . .

KARIN: Wat?

ROSA: Dis in die pad van die vuurtoring. Dis beter.

KARIN: Jammer, hoor.

*Pouse.*

Rosa?

ROSA: Ja, Karin?

KARIN: Dink jy alles sal môre weer okay wees?

*Pouse.*

ROSA: Ja.

KARIN: Belowe?

ROSA: Belowe. Behalwe as die donnerse wind weer aanhou waai.

KARIN: O hell's bells, ek hoop nie so nie . . .

ROSA: Kom ons sien wat gebeur, okay?

KARIN: Okay.

*Pouse.*

ROSA: Nag, Karin.

KARIN: Goeienag, Rosa.

*Stilte in die huis. Die wind waai rondom alles. Karin en Rosa staar uit in die dieptes van die donkerte daar buite.*

EINDE